

**Die volhoubaarheid van musieksentrums as
opvoedkundige en winsgewende kleinsakeondernemings in
die Noordwes-Provinsie**

E. LOUBSER

12853372

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Musicae

aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

MUSN 873

Studieleier:

Prof H.M. Potgieter

November 2011

H C Sieberhagen

Translator and Editor

Vertaler en redigeerder

SATI no 1001489

SAVI no 1001489

082 3359846

082 3359846

SERTIFIKAAT UITGEREIK OP 21 NOVEMBER 2011

Ek verklaar hiermee dat ek die taal versorg het in die skripsie

**Die volhoubaarheid van musieksentrums as opvoedkundige en
wingsgewende kleinsakeondernemings in die Noordwes-Provinsie**

deur

E. LOUBSER

12853372

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die
graad *Magister Musicae* aan die Potchefstroomkampus van die
Noordwes-Universiteit

MUSN 873



H C Sieberhagen

SAVI nommer **1001489**

ID 4504190077088

Hettie.Sieberhagen@nwu.ac.z

Uittreksel

Sleutelwoorde

Buite-kurrikulêr, musieksentrum, musiekopvoeding, musiekonderrig, entrepreneurskap, besigheidsbestuur, kleinsakeonderneming, opvoedkundige bestuur, hulpbronnebestuur, personeelbestuur

Vanaf 1971 was openbare musiekonderrig in Suid-Afrika van staatsubsidies afhanklik vir instrumente, geboue, salarisse en toerusting. Ondersteuning vanaf die regering het egter sedert 1994 geleidelik afgeneem. 'n Gevallestudie toon dat musieksentrums nou gedwing word om onafhanklik van finansiële steun van die regering of die beheerliggaam van 'n skool te word. Die fondse wat vir bedryfskoste aangewend word, moet intern genereer word. Teorieë van besigheidsbestuur en entrepreneuriese vaardighede was die grondlegging vir hierdie studie.

Die doel van hierdie navorsingsprojek was om musieksentrums in die Noordwes-Provinsie as volhoubare en winsgewende kleinsakeondermings te ondersoek. Die sterktes, swakhede, geleenthede en bedreigings van musieksentrums is kwalitatief ondersoek. Data is ingesamel om 'n situasie-analise te doen omtrent die verwagting wat leerders en hul ouers het omtrent die dienste wat deur musieksentrums gelewer word, asook die werksomstandighede van musiekonderwysers. Die data-insamelingsmetodes wat gebruik is, is vraelyste, onderhoude en deelnemende waarneming. Die totale aantal respondente was 143. Onderwysers, leerders, ouers en sentrumhoofde het deelgeneem aan die data-insamelingsproses.

Musiekonderrig is nie 'n lewensvatbare en volhoubare besigheidseleentheid nie. Musiekonderwysers, wat meestal in klassieke musiek opgelei is, moet hul onderrigmateriaal en didaktiese benadering heroorweeg. Jazz en populêre musiek is in aanvraag onder die meerderheid van leerders. Die meeste onderwysers is tydelik aangestel sonder enige byvoordele en meestal sonder 'n vaste salaris.

Onderwysers is verantwoordelik vir onderrig, administratiewe take en selfs tuinbou en skoonmaak. Omtrent die helfte van die onderwysers het rekenaars tot hul beskikking, en die meeste het nie 'n telefoon by die werksplek nie, terwyl feitlik al die leerders hul eie selfone en toegang tot die Internet het.

Musiekonderrig moet relevant en vermaaklik wees. Onderwysers moet aanpas by die behoeftes van die kliënte en ander bronne van inkomste moet ondersoek word. Geleenthede vir die uitbreiding van dienste moet verder ondersoek word. Die waarde en belangrikheid van musiekopvoeding moet bevorder en bemark word in die gemeenskap. In die opleiding van musiekonderwysers moet daar gefokus word op ensemblespel, improvisasie, komposisie en liedjieskryf, asook op entrepreneurskap en besigheidsbestuur.

Abstract

Keywords

Extra-curricular, music centre, music education, entrepreneurship, business management, small business enterprise, educational management, resource management, personnel management

From 1971 public music education in South Africa depended on government funding for instruments, buildings, salaries and equipment, but since 1994 this support has gradually faded. A case study shows that music centers are now being forced to become independent of financial support from either the government or the governing body of the school. Funding for operational costs needs to be self-generated. Theories about business management and entrepreneurial skills were the basis for this investigation.

The aim of this research project was to investigate South African music centers as sustainable and profitable small business enterprises. The strengths, weaknesses, opportunities and threats of music centers were investigated. Data were collected to form a situation analysis of

the expectations that parents and pupils have of music education and the circumstances of music teachers. A qualitative study from the interpretivist perspective was done over four years in order to gain understanding of the situation. Data were collected through questionnaires, interviews and participant observation. The total number of respondents was 143. Teachers, parents, pupils and principals were involved in the investigation, and a case study was undertaken with a music centre in North-West Province. Music education is not a sustainable and viable business opportunity. Music educators, who are mostly trained in classical music, should reconsider the subject matter and the didactical approach. Jazz and popular music are in demand from the majority of pupils.

Teachers are responsible for teaching, administrative tasks and even cleaning and gardening. Almost half the teachers have access to computers and very few have telephones at work while nearly all the pupils have their own cell phones and Internet access. Most teachers are hired part time without benefits, usually without a fixed salary.

Music education must be relevant and entertaining. Educators should adapt to the needs of the client and other sources of income should be investigated. Ways in which services could be expanded should be investigated further. The importance and value of music education should be promoted and marketed in the community, and the focus of music education training should be on ensemble playing, improvising, composing and song writing, as well as on entrepreneurship and business management.

Voorwoord en bedankings

Vandat ek 'n student is, het ek die begeerte gehad om eendag 'n Meestersgraad te voltooi. In my jare as student het ek geleer wat navorsing werklik is, maar ook my eie persoonlike opinie gevorm omtrent wat navorsing behoort te wees. Met hierdie navorsingsprojek was dit my doelwit en droom om myself as 'n navorser te bekwaam en te bewys, maar belangriker nog, om 'n bydrae te lewer: nie net tot die wetenskap nie, maar tot ook tot die praktyk. Vir my is een van die belangrikste aspekte van navorsing dat dit nuttig en prakties uitvoerbaar moet wees. My droom is dat dit waar sal word van die navorsing wat ek gedoen het – dat dit toegepas sal word en so 'n verandering in die praktyk en in die samelewing sal maak.

Met dank aan die volgende persone:

Prof. Hetta Potgieter

My kollegas, in die besonder Me. Margaretha Kirsten

Me. B. Latsky-Campbell, voormalige sentrumhoof

Me. Sally Franks

Me. Kobie Blom

Me. Annatjie Walker

Me. Tina Preller

Almal wat aan die navorsing deelgeneem het, ouers, leerlinge en onderwysers

Dr. Hannes Taljaard vir insiggewende gesprekke, vriendskap en jarelange mentorskap

My swaer, Jaco Fouché, wat my inspireer met die fantastiese en innoverende navorsing wat hy doen en my suster, Susan Fouché vir haar liefde, vriendskap en ondersteuning

My ouers, Herman en Jean Loubser, vir motivering, vriendskap en volgehoue ondersteuning. Mamma, jy het vir my geleer dat 'n mens enigiets kan doen wat jy kan droom. Pappa, jy het tot in 'n groot mate vir my geleer wat navorsing is en hoe om krities te dink en kleintyd al entrepreneuriese gedagtes by my aangewakker. Julle het vir my 'n akademiese loopbaan moontlik gemaak en behalwe vir die Christelike opvoeding wat julle vir my gegee het, is dit beslis die grootste geskenk wat ek ooit van julle ontvang het.

My Vader vir wie en deur wie en tot wie alles is.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Inleiding 1

1.1 Motivering en probleemstelling	1
1.2 Doelwitte	5
1.3 Sentrale teoretiese argument	6
1.4 Navorsingsmetodes	6
1.5 Navorsingstegniek.....	7
1.6 Gevallestudie.....	7
1.7 Data-insameling	8
1.8 Etiese benadering	8
1.9 Afbakening van die onderwerp	9
1.10 Uitleg van die skripsie.....	9

Hoofstuk 2: Literatuurstudie – bestuur en entrepreneurskap..... 10

2.1 Inleiding	10
2.2 Die noodsaaklikheid van aanpassings in die bestuur van hedendaagse musieksentrums	11
2.3 'n Analitiese beskouing van musieksentrums as kleinsakeondernemings.....	13
2.3.1 Beskrywing van eksterne faktore	14
2.3.1.1 Markbeskrywing.....	14
2.3.1.2 Kliënte en ander faktore	15

2.3.2 Ontleding van omgewing	18
2.3.2.1 Kompeterende omgewing	19
2.3.2.2 Breë besigheidsomgewing.....	19
2.3.3 Finansiële vaardighede	23
2.4 ‘n Oorsigtelike agtergrond tot bemaking en verbruikersgedrag	32
2.5 Algemene bestuursbeginsels en die toepassing daarvan in musieksentrums	34
2.6 Entrepreneurskap.....	37
2.6.1 Entrepreneurskap en die kunste.....	38
2.7 Samevatting	40
Hoofstuk 3: Literatuurstudie – onderrig	41
3.1 Inleiding	41
3.2 Aanpassings ten opsigte van onderrigmateriaal	41
3.3 Aanpassings in onderrigmetodes.....	44
3.3.1 Groepsonderrig.....	44
3.3.1.1 Die konstruktivistiese perspektief en samewerking	45
3.3.1.2 Toonkunstenaarskap.....	47
3.3.1.3 Ensemble-spel en bladles	48
3.3.1.4 Voordrag-angs.....	48
3.3.1.5 Motivering en erkenning	49
3.3.2 Improvisasie en komposisie	50
3.3.3 Die gebruik van musiektegnologie.....	51

3.4 Die gebruik van die internet	52
3.5 Samevatting	53


Hoofstuk 4: Navorsingsresultate..... 54

4.1 Agtergrond	55
4.2 Vraelyste deur onderwysers ingevul	55
4.2.1 Agtergrond	55
4.2.2 Ouderdomsgroepe	55
4.2.3 Geslagsprofiel.....	56
4.2.4 Take waarvoor onderwysers verantwoordelik is.....	56
4.2.5 Hoeveelheid leerders per onderwyser	57
4.2.6 Weeklikse kontakure	59
4.2.7 Kwalifikasies van onderwysers	60
4.2.8 Aanstellingssooreenkoms	61
4.2.9 Vergoeding van deeltydse personeel.....	61
4.2.10 Maandelikse inkomste van onderwysers.....	63
4.2.11 Broodwinner.....	64
4.2.12 Ander bronne van inkomste	64
4.2.13 Ondersoek na ander werksgeleenthede	64
4.2.14 Permanensie van werk by musieksentrum	65
4.2.15 Hulpmiddels wat onderwysers tot hul beskikking het	65
4.2.16 Respondente se mening omtrent werksomstandighede.....	66

4.2.17	Professionele organisasies waaraan onderwysers behoort	67
4.2.18	Vaktydskrifte wat onderwysers lees	69
4.2.19	Konferensies wat onderwysers bywoon	70
4.2.20	Webblaaie en forums wat onderwysers besoek.....	70
4.2.21	Kursusse	70
4.2.22	Ander kursusse	71
4.2.23	Bespreking.....	71
4.3	Vraelyste deur ouers ingevul.....	72
4.3.1	Rassegroepe.....	72
4.3.2	Tariewe.....	72
4.3.3	Verhoging in tariewe	73
4.3.4	Huishoudelike maandelikse netto inkomste	74
4.3.5	Tarief betaalbaar.....	74
4.3.6	Instrumente waarin belanggestel word.....	75
4.3.7	Musiekstyle waarin belanggestel word	77
4.3.8	Aktiwiteite waarin belanggestel word	77
4.3.9	Vrywillige bydrae.....	78
4.3.10	Rede vir musieklesse	78
4.3.11	Navrae met betrekking tot musieksentrums	79
4.3.12	Respondente se opinie rondom die doel van 'n musieksentrum.....	80
4.3.13	Bespreking.....	80

4.4 Vraelyste deur leerders ingevul	80
4.4.1 Agtergrond	80
4.4.2 Ouderdomme	81
4.4.3 Mediablootstelling	81
4.4.3.1 Musiekvoorkeure	82
4.4.3.2 Televisieprogramme	82
4.4.3.3 Tydskrifte	82
4.4.3.4 Boeke	82
4.4.4 Sosiale netwerkdienste	82
4.4.5 Buite-kurrikulêre aktiwiteite	83
4.4.6 Bespreking	86
4.5 Samevatting	87
Hoofstuk 5: Bevindinge	88
5.2 Evaluering	88
5.2.1 Sterkpunte	88
5.2.2 Tekortkominge	89
5.2.3 Geleenthede	90
5.2.4 Bedreigings	90
5.3 Gevolgtrekking en aanbevelings	90
6 Bronnelys	94
7 Addendum	103

7.1 Etiekvorm	103
7.2 Toestemming om navorsing te doen by musieksentrum A	104
7.3 Onderhoude	105
7.4 Vraelys 1 vir musiekonderwysers	108
7.5 Vraelys 2 vir musiekonderwysers	114
7.6 Vraelys vir ouers	116
7.7 Vraelys vir leerders	122




Figuur 1: Opsomming van die skripsie¹

¹ Die inhoud van elke hoofstuk word opgesom met behulp van 'n breinkaart wat kloksgewys van regsbo af gelees word.

Lys van figure

Figuur 1: Opsomming van die skripsie	xi
Figuur 2: Die nege provinsies van Suid-Afrika (Luventicus Academy of Sciences, 2011) ..	xiii
Figuur 3: Hoofstuk 1 inhoud	1
Figuur 4: Die Noordwes-Provinsie (No agent, 2010)	3
Figuur 5: Opsomming van inhoud	10
Figuur 6: Die domeine wat betrokke is by 'n musieksentrum	13
Figuur 7: Die ontwikkeling van bestuursvaardighede soos deur Brand bespreek (2006:2-65-2-67).....	14
Figuur 8: Inkomsteverdeling van werkende persone in die ouderdomsgroep 15-65 jaar in Noordwes-Provinsie (Statistics South Africa, 2005:71)	17
Figuur 9: Die verwantskap tussen die mikro-, mark- en makro-omgewing (Smit <i>et al.</i> , 2007:60)	21
Figuur 10: Die bestuursproses vanuit die perspektief van die sisteemteorie (Smit <i>et al.</i> , 2007:57)	22
Figuur 11: Die strukture van 'n kulturele organisasie soos bespreek deur Hopkins en Friedman (1997:8-20)	27
Figuur 12: 'n Model van verbruikersgedrag (Hoyer & MacInnes, 2008:14).....	34
Figuur 13: Die vier fundamentele bestuursfunksies wat deel uitmaak van die bestuursproses soos bespreek in Smit <i>et al.</i> (2007:8)	37
Figuur 14: Opsomming van inhoud	41
Figuur 15: Opsomming van inhoud	54
Figuur 16: Ouderdomskategorieë van respondente.....	56

Figuur 17: Hoeveelheid individuele leerders per onderwyser	58
Figuur 18: Die kwalifikasies van musieksentrumonderwysers	60
Figuur 19: Tipe aanstellings van musiekonderwysers	61
Figuur 20: Vergoeding van deeltydse personeel	62
Figuur 21: Maandelikse inkomste van onderwysers	64
Figuur 22: Respondente se ervaring van musieksentrums se tariewe	73
Figuur 23: Respondente se voorspelde houding teenoor verhoogde lesfooie	73
Figuur 24: Inkomstegroepe onder respondente	74
Figuur 25: Hoofstuk 5 inhoud	88




Figuur 2: Die nege provinsies van Suid-Afrika (Luventicus Academy of Sciences, 2011)

Lys van tabelle

Tabel 1: Ouderdomsverspreiding van inwoners in Noordwes-Provinsie.....	16
Tabel 2: Take waarvoor musiekonderwysers verantwoordelik is.....	57
Tabel 3: Skaal waarvolgens poste deur die voormalige TOD aan musieksentrums toegeken is (Van Rensburg, 1979:2-2, 2-3)	59
Tabel 4: Weeklikse kontakure van musiekonderwysers	59
Tabel 5: Respondente wat hul werk by 'n musieksentrum as tydelik beskou.....	65
Tabel 6: Hulpmiddels wat musiekonderwysers tot hul beskikking het.....	66
Tabel 7: Respondente se mening oor werksomstandighede.....	67
Tabel 8: Professionele organisasies waaraan musiekonderwysers behoort	68
Tabel 9: Vaktydskrifte wat deur musiekonderwysers gelees word.....	69
Tabel 10: Hoe dikwels musiekonderwysers konferensies bywoon.....	70
Tabel 11: Kursusse bygewoon deur musiekonderwysers met betrekking tot musiekgenres buite Westerse of kunsmusiek.....	71
Tabel 13: Tariewe vir individuele lesse by musieksentrum A tydens 2010.....	75
Tabel 14: Tariewe vir teorieklasse by musieksentrum A tydens 2010	75
Tabel 15: Tariewe vir groepsklasse by musieksentrum A tydens 2010.....	75
Tabel 16: Instrumente waarin respondente belangstelling getoon het	76
Tabel 17: Musiekstyle waarin belangstelling getoon is	77
Tabel 18: Aktiwiteite waarin belangstelling getoon is.....	78
Tabel 19: Vrywilliger bereidwilligheid.....	78
Tabel 21: Hoe ouers van die musieksentrum te wete gekom het	79
Tabel 22: Ouderdomsverspreiding van respondente	81

Tabel 23: Items wat leerders tot hul beskikking het.....	81
Tabel 24: Sosiale netwerkdienste wat deur leerders gebruik word.....	83
Tabel 25: Skoolsport waaraan leerders deelneem	84
Tabel 26: Sportsoorte waaraan leerders buite skoolverband deelneem	84
Tabel 27: Dansvorme wat leerders beoefen	85
Tabel 28: Kulturele aktiwiteite wat leerders in skoolverband beoefen	85
Tabel 29: Kulturele aktiwiteite wat leerders buite skoolverband beoefen	86

Hoofstuk 1: Inleiding



Figuur 3: Hoofstuk 1 inhoud

1.1 Motivering en probleemstelling

Voor 1970 was individuele musiekonderrig beperk in publieke skole en die meeste leerders wat in musiek onderrig is, het privaatmusiekonderrig ontvang. Die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) het in 1970 die betrekking Hoof van Musiek (later Onderwysbeplanner van Musiek) ingestel en Jaques Pi rre Malan was die eerste persoon wat hierdie pos beklee het. Malan het faktore geidentifiseer wat verhinder het dat individuele musiekonderrig in skole aangebied kan word, en in 1971 'n aanbeveling aan die TOD gemaak dat musieksentrums gestig moes word. Aanvanklik het slegs een skoolhoof sy volle samewerking gegee. Malan het jaarliks nog skoolhoofde genader en in 1990 was daar 174 musieksentrums in Transvaal (Struck, 1990:3-5).

Volgens Struck (1990:5-6) het die instelling van musieksentrums onder andere die volgende belangrike gevolge gehad:

- die staat [het op di  wyse] musiekonderwys aan talentvolle leerders [gesubsidieer];
- musiekonderwysers [kon] permanente voltydse poste, wat meer permanensie aan hulle inkomste verleen, beklee. Byvoordele soos pensioenfonds, behuisingsubsidie, siekefondse asook onderriglokale en musiekinstrumente vir

onderrig (en selfs te huur vir leerders) [het] die aantreklikheid van die betrekking [verhoog];

- [daar was] 'n konstante groei in leerdergetalle wat nie slegs klavieronderrig ontvang nie; en
- jeugsimfonie-orkeste [kon] gestig word.

Hierdie situasie het egter sedertdien verander. Nadat die eerste demokratiese verkiesing in 1994 plaasgevind het, is Transvaal verdeel in vier provinsies: Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en die Noordwes-Provinsie.

Verskeie musieksentrums in hierdie provinsies is nie meer deur die staat gesubsidieer nie en moes as gevolg daarvan sluit. Daar was byvoorbeeld in 1995 in die Gauteng Provinsie altesame 161 buite-kurrikulêre musieksentrums, maar teen 1999 slegs 57 (Eybers, 2003:1). In November 2002 het die Gautengse Onderwysdepartement besluit om hierdie 57 musieksentrums in die Gauteng Provinsie te sluit en 29 nuwe musieksentrums in die plek daarvan te open. Die Departement se standpunt was dat navorsing vooraf gedoen is om vas te stel wat die behoefte aan musieksentrums is. Daar is besluit om hulpbronne beter aan te wend sodat leerders van voorheen benadeelde gemeenskappe ook die geleentheid vir musiekonderrig kon kry (Eybers 2003:1). Die vermindering van musieksentrums was nie beperk tot die Gauteng Provinsie nie.

In die Noordwes-Provinsie is musieksentrums ook mettertyd verminder en sover vasgestel kon word, is daar tans tien musieksentrums in dié provinsie oor: in Potchefstroom (drie sentrums), Brits, Schoemansville, Klerksdorp (twee sentrums), Lichtenburg, Vryburg en Wolmaransstad.



Figuur 4: Die Noordwes-Provinsie (No agent, 2010)

‘n Spesifieke voorbeeld van die impak wat die politieke omwenteling op musieksentrums gehad het, word vervolgens kortliks bespreek. In 1993 was daar ongeveer 13 onderwysers by Potchefstroom Gimnasium Musieksentrum. (Potchefstroom Gimnasium Musieksentrum, 1993). Die aantal leerders per jaar het meestal gewissel tussen 250 en 320 aan die begin van elke jaar en het later deur die jaar verminder. Na die oornome van die ANC en die gevolglike veranderinge in die onderwys wat vanaf 1994 plaasgevind het, was daar in 2001 ‘n totaal van vyf volle departementele poste (vier volposte en twee halfposte) by die musieksentrum. In 2008 was slegs drie voltydse departementele poste oor (Onderhoud 2, 2011). In dieselfde jaar het twee van hierdie onderwysers afgetree en die betrokke poste is gesluit. Een van hierdie onderwysers was die sentrumhoof se pos was ‘n beheerliggaampos met geen byvoordele nie, en ‘n klein salaris vergeleke met die departementele poste (Onderhoud 2, 2011). Die vioolonderwyser het in die volgende maand afgetree. ‘n Derde onderwyser is medies ongeskik verklaar en die pos is ook gesluit (Onderhoud 1, 2011; Onderhoud 2, 2011). Die Departement het egter verkeerdelik

(Onderhoud 1, 2011) sedert 2005 tot Augustus 2011 nogsteeds laasgenoemde onderwyser se volle salaris betaal. Dié pos is einde Augustus 2011 getermineer aangesien die onderwyser toe eers medies ongeskik verklaar is (Onderhoud 2, 2011). Die musieksentrum het dus in die tydperk vanaf 2001 tot 2008 vier volle departementele poste verloor. Daar is tans net een volle departementele pos en die verwagting is dat daardie pos ook gesluit sal word wanneer die betrokke onderwyser aftree. Behalwe vir laasgenoemde onderwyser, is daar tans 17 personeellede verbonde aan Potchefstroom Gimnasium Musieksentrum en hulle is op 'n kontraktuele basis aangestel, met ander woorde teen uurlikse vergoeding en sonder byvoordele.

Die skielike afskaffing van twee departementele poste in 2008 het die musieksentrum onder skerp finansiële druk geplaas. Die onderwysers wat aangestel is in die plek van dié wat afgetree het, se salarisse moes nou deur die musieksentrum genereer word (met uitsondering van die sentrumhoof se salaris wat deur die beheerliggaam betaal is). Lesfooie was op daardie stadium laag. In 2009 was die fooi vir 'n individuele les van 30 minute byvoorbeeld R395 per kwartaal ('n verhoging van naastebly 5% op lesfooie vir 2008) (Onderhoud 1, 2011). Die uitgawes het die inkomstes ver oorskry. In 2010 het lesfooie met 10% gestyg. Lesfooie is in 2011 met 40% verhoog na R600 per kwartaal vir 'n individuele les van 30 minute.

Die verandering in die regering se ondersteuning van musiekonderrig word egter weerspreek deur die huidige onderwyskurrikula vir skole (South Africa, 2002 en 2005) wat aan musiek hoë prioriteit gee en noem dat “music has the power to unite groups and to mobilize community involvement towards the improvement of the quality of life, social healing and affirmation of human dignity” (2005:7). Musiekonderrig behoort dus toeganklik te wees vir alle leerders in Suid-Afrika. In 1970 het die destydse TOD musieksentrums bevorder omdat hulle van mening was dat “musiek iets is waaraan almal kan deelneem, en [hulle] beskou die bevordering van sang en die aankweek van 'n liefde vir musiek by alle kinders, as een van sy [TOD se] primêre funksies” (Transvaal, 1971:145).

Die navorser het waargeneem dat hoërskole waar musieksentrums is, musiek as vak kan aanbied omdat leerders dit in graad tien kies en musiekonderwysers wat deur die beheerliggaam by die musieksentrum aangestel is, musiek as vak kan aanbied. Indien

musiekonderwysers egter nie aksieplanne neem vir die voortbestaan van musieksentrums nie, bestaan die moontlikheid dat al minder leerders die geleentheid sal kry om musiekonderrig te ontvang. Volgens Brand (2006:2-57) is die realiteit dat mense kennis en vaardighede moet aanleer om hulle te bemagtig om vir hulself werk te skep. Die musiekwêreld sal ook nie hierdie realiteit kan vryspring nie en dit sal 'n impak hê op die aard en inhoud van bestaande opvoedkundige programme.

Dit lei na die hoofnavorsingsvraag: hoe kan musieksentrums in die Noordwes-Provinsie effektief en volhoubaar as opvoedkundige en winsgewende kleinsakeondernemings bedryf word?

Die volgende subvrae kan uit hierdie hoofnavorsingsvraag afgelei word:

- Watter verwagtinge het leerders en ouers rakende musiekonderrig wat by musieksentrums aangebied word?
- Watter eise word gestel aan musiekonderwysers verbonde aan musieksentrums?
- Watter aspekte van onderrigleer en bestuur moet in ag geneem word vir die doeltreffende bedryf van musieksentrums?
- Watter aanpassings moet gemaak word om musieksentrums te laat oorleef?

1.2 Doelwitte

Die hoofdoelwit van die studie is om te bepaal hoe musieksentrums as opvoedkundige en winsgewende kleinsakeondernemings in die Noordwes-Provinsie op 'n volhoubare manier bedryf kan word.

Die subdoelwitte van die studie is:

- om 'n situasie-analise te maak ten opsigte van die verwagtinge wat ouers en leerders van onderrig by musieksentrums het;
- om die eise en verpligtinge wat aan musiekonderwysers gestel word, te beskryf; en
- om strategieë te ondersoek wat gevolg kan word om onderrigleer en die doeltreffende bedryf van musieksentrums te verseker; en

- om aanpassings voor te stel vir die voortbestaan van musieksentrums.

1.3 Sentrale teoretiese argument

‘n Verandering in die benadering tot onderrig en die bestuur van musieksentrums moet gemaak word ten einde die voortbestaan van musieksentrums in Suid-Afrika te verseker.

1.4 Navorsingsmetodes

Kwalitatiewe navorsing is ‘n navorsingsmetode waarvolgens die ondersoek en begrip van ‘n individu of groep mense bestudeer word (Creswell, 2009:4). In hierdie studie word drie musieksentrums in Noordwes-Provinsie as ‘n gevallestudie ondersoek. Die teoretiese raamwerk waarin hierdie ondersoek val is interpretivistiese. Die bestuur van 'n musieksentrum word verstaan en geïnterpreteer en betekenis word daaraan gegee vanuit die perspektief van die gemeenskap en hulle interaksie met mekaar. Met ander woorde, daar word op leerders, ouers, musiekonderwysers en skoolhoofde se interpretasie van die bestuur en funksionering van ‘n musieksentrum gefokus. Daarom word daar gebruik gemaak van observasies, onderhoude, beskrywings en kwalitatiewe data as deel van die interpretatiewe navorsingsmetodologie. Al die belanghebbendes se ervarings gaan beskryf word en die navorser gaan medeskapper wees van die betekenis van die effektiewe en volhoubare bestuur van musieksentrums. Die interpretatiewe moet besef dat waarneming feilbaar is en daarom word daar gestreef na betroubaarheid. Die verskeie belanghebbendes se perspektiewe gaan dus nie mekaar weersprek nie, maar saamwerk om betekenis te konstrueer. Derhalwe is die konseptuele raamwerk dié van sosiale konstruktivisme, omdat betekenis gekonstrueer word deur interaksie met ander. “That is why interpretivist research is a communal process, informed by participating practitioners and scrutinized and/or endorsed by others” (Henning *et al.*, 2005:20). Observasie, onderhoude, beskrywings en kwalitatiewe data is deel van die interpretatiewe navorsingsmetodologie. Leerders, ouers, musiekonderwysers en skoolhoofde sal by die ondersoek betrokke wees.

1.5 Navorsingstegniek

Die doel van 'n literatuurstudie is om 'n beter begrip te kry van die aard en betekenis van die geïdentifiseerde probleem (De Vos *et al.*, 2009:123). In die literatuurstudie vir hierdie ondersoek word die navorsing oor musieksentrums en kleinsakeondernemings bestudeer. Die navorser kon geen nagraadse studie wat in biblioteke opgeneem is oor hierdie onderwerp vind nie. Die literatuurstudie sal die onderafdelings wat by die twee onderwerpe ter sprake is, uitlig. Die navorsingsvraag word deur middel van die literatuurstudie binne 'n teoretiese raamwerk geplaas.

Vir die doel van hierdie studie is die sleutelsterke met behulp van GKPV, NEXUS, ISAP, ERIC, Web Feat, Pro Quest SAE publications, JSTOR, Google scholar, IIMP, EBSCO, <http://ananzi.co.za> en <http://stardat.nrf.ac.za/> nagevors. Inligting uit primêre en sekondêre bronne soos boeke, akademiese en professionele artikels sowel as internetartikels is op hierdie wyse bekom. Faktore soos insette, prosesse, uitkomstes en uitsette (Van der Westhuizen & De Bruyn, 2007:28) wat die bestuursproses in 'n opvoedkundige omgewing beskryf, sal bestudeer word met die doel om hierdie faktore van toepassing te maak op musieksentrums.

1.6 Gevallestudie

Om meer spesifieke inligting te bekom, sal Potchefstroom Gimnasium Musieksentrum as 'n gevallestudie bestudeer word. Bassey (Coleman & Briggs, *eds.*, 2005:108-109) voer aan dat die doel van opvoedkundige navorsing is, om te verseker dat ingeligte oorwegings en besluite in die opvoedkunde gemaak kan word. Anders gestel, opvoedkundige navorsing fokus daarop om uitvoering in die praktyk te verbeter, deur 'n beter begrip van die teorie.

Volgens Bassey (2005:58) is 'n gevallestudie 'n empiriese ondersoek wat:

- binne 'n gelokaliseerde ruimte (Potchefstroom Gimnasium Musieksentrum) en tyd (2009-2011) geskied;

- interessante aspekte van ‘n opvoedkundige aktiwiteit, program of instelling, bestudeer – die opvoedkundige aktiwiteite en programme van Potchefstroom Gimnasium Musieksentrum sal bestudeer word;
- hoofsaaklik in ‘n natuurlike konteks en binne etiese grense plaasvind – die studie sal binne ‘n natuurlike konteks en binne etiese grense plaasvind;
- inligting verskaf aan persone wat veranderinge kan maak en besluite in die praktyk neem – die studie sal inligting verskaf aan persone soos die sentrumhoof en skoolhoof; en
- aan die navorser die nodige inligting kan verskaf om belangrike aspekte van die saak te ondersoek, sinvolle afleidings uit bevindinge te maak, geloofwaardigheid van hierdie afleidings te toets, ‘n argument te konstrueer en aan navorsing in die literatuur te koppel sodat dit op ‘n oortuigende manier oorgedra kan word.

Indien bogenoemde deurgevoer word, kan dit vir ander navorsers moontlik wees om in soortgelyke gevallestudies die bevindinge te ondersteun of teen te staan, of om ‘n alternatiewe argument te formuleer.

1.7 Data-insameling

Die navorser is ‘n deelnemende observeerder en data sal verder ingesamel word deur gebruik te maak van vraelyste en onderhoude. Die insameling van data sal so gestruktureer word dat die navorser ‘n situasie-analise kan maak waarby leerders, ouers en musiekonderwysers se sieninge van en behoeftes aan musiekonderrig geïnkorporeer sal wees. Volgens Bush (Coleman & Briggs, 2005:61) is die doelwit van ‘n opname om ‘n substansiële hoeveelheid inligting te bekom en om gevolgtrekkings oor die onderwerp wat nagevors word, te maak.

1.8 Etiese benadering

Om te verseker dat navorsing op ‘n etiese manier uitgevoer word, sal deelnemende persone ‘n dokument onderteken alvorens onderhoude gevoer word, waarin hulle bevestig dat hulle toestem om hulself te onderwerp aan die navorsing. Aanhalings sal anoniem gebruik word en

geen minderjariges sal ondervra word nie. Vraelyste sal ook anoniem ingevul word (Addendum 7.1 en 7.2).


1.9 Afbakening van die onderwerp

Die omvang van 'n skripsie op M-vlak maak nie voorsiening vir 'n in-diepte bespreking van aspekte wat uitgelig word nie. In die literatuurhoofstukke word hierdie aspekte dan slegs genoem en nie verder bespreek nie.

1.10 Uitleg van die skripsie

Nadat die agtergrond van hierdie studie in Hoofstuk Een bespreek word, word 'n literatuurstudie betreffende bestuur en entrepreneurskap in Hoofstuk Twee uitgelig. Hoofstuk Drie bevat 'n literatuurstudie ten opsigte van die onderrigmetodes en –materiale van 'n moderne musieksentrum. In Hoofstuk Vier word navorsingsresultate weergegee en geïnterpreteer en in die laaste hoofstuk (Hoofstuk Vyf) word die studie saamgevat en aanbevelings word gemaak.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie – bestuur en entrepreneurskap



Figuur 5: Opsomming van inhoud

2.1 Inleiding

Dit blyk duidelik uit die inligting verskaf in die vorige hoofstuk dat musieksentrums in Suid-Afrika toenemend onder groot druk verkeer. Die doel van hierdie hoofstuk is om musieksentrums as kleinsakeondernemings in diepte te bespreek. Leemtes in die organisatoriese en finansiële bestuur van musieksentrums word geïdentifiseer. Musiek en musiekverwante dienste word as 'n kommoditeit beskou en ondersoek. Verdere areas waarin musiekonderwysers hul vaardighede kan aanwend om bestaande behoeftes in die gemeenskap (en dus potensiële verbruikers) te vervul, word ook verken. Vervolgens word perspektiewe weergegee van die uitdagings wat kunste-organisasies nie net in Suid-Afrika nie, maar internasionaal in die gesig staar. Aan die einde van hierdie hoofstuk word entrepreneurskap vir musiekonderwysers kortliks bespreek.

2.2 Die noodsaaklikheid van aanpassings in die bestuur van hedendaagse musieksentrums

Vandat Suid-Afrikaanse musieksentrums in die 1970's opgerig is, is dit deur die regering befonds. Sedert 1994 het die finansiële ondersteuning wat van die regering af gekom het, geleidelik verminder tot waar dit vandag onmerkwaardig is. Kolb (2005:vii) betoog (met verwysing na Amerikaanse organisasies) dat kulturele organisasies in die verlede deur publieke subsidies beskerm is teen die harde realiteit, maar dat subsidies toenemend al hoe minder raak. Hopkins en Friedman (1997:ix) voer aan dat kunste-instansies nie meer kan aanvaar dat fondsinsamelingspraktyke wat voorheen suksesvol was, steeds gaan werk nie. "They [arts institutions] must be more creative, resourceful, and assertive than ever in meeting their financial needs". Dit is egter nie 'n nuwe opvatting nie. Reiss (1974:1) het van die 1960's in die VSA die volgende gesê:

The National Endowment on the Arts, for example, the visible symbol of Federal subsidy to culture, received such minuscule doles from Congress that it was unable to match either the rising tide of fund expectations by arts groups or the emergency needs it recognized.

Die noodsaaklikheid van 'n verandering in perspektiewe en verwagtings vir instellings soos musieksentrums, is dus duidelik. Brand (2006:2-57)² voer die argument dat daar hedendaagse uitdagings is wat musiekonderwysers moet aanvaar om hul ondergang te voorkom. Volgens Brand is die oorsake min beskikbare poste vir musiekfasiliteerders, die uitfasering van musieksentrums en die uitfasering van musiek in sekondêre skole. Musiekonderwysers moet by die veranderende omgewing aanpas deur middel van nuwe perspektiewe, nuwe strategieë en nuwe ingesteldhede (Brand, 2006:2-57).

Cinnéide en Henry (2007:72) voer aan dat ongeag onlangse pogings deur beleidsbepalers om bewustheid en begrip van die kreatiewe industrieë te verbeter, dié sektor nog nie deur akademië nagevors is nie. Daar bly steeds onbeantwoorde vrae, soos:

² Brand het in 2006 navorsing oor die stand van Suid-Afrikaanse musieksentrums gepubliseer. Hierdie studie steun op dié navorsing en ondersoek dit verder


- hoe kan die beginsels van ondernemingsontwikkeling toegepas word op die kommersialisering van kreatiewe, artistieke talent? en
- hoe moet die sektor ondersteun word om toekomstige groei en volhoubaarheid te verseker?

Die doel van hierdie studie is nie om antwoorde op hierdie vrae te verskaf nie, maar eerder om die agtergrond daarvan te ondersoek, en die verwagting is om sodoende leemtes te identifiseer wat as geleentheid kan dien vir verdere studie.

Daar bestaan beslis reeds 'n sektor in die besigheidswêreld waar uitvoerende kunste as 'n kommersiële kommoditeit verhandel word. In hierdie sektor word die grense tussen kuns en vermaak dikwels vertroebel, maar daar is nietemin ook 'n ander komponent betrokke by musieksentrums, naamlik die opvoedingsdoel. Daar sal vir die doel van hierdie studie na drie komponente verwys word in 'n musieksentrum, naamlik:

- die entrepreneuriese;
- die opvoedkundige; en
- die inhoudelike, naamlik musiek.

'n Musieksentrum kan dus voorgestel word soos in Figuur 6. Waar die drie domeine, naamlik musiek, entrepreneurskap en opvoeding bymekaarkom, is 'n area waarin verdere ontwikkeling moontlik is.




Figuur 6: Die domeine wat betrokke is by 'n musieksentrum

Vervolgens word musieksentrums krities beskou as kleinsakeondernemings, en ontleed aan die hand van bestuursvaardighede soos deur Brand bespreek (2006:2.65-2.67). Daar word deurlopend inligting uit die literatuur aangehaal as rigtingwysers in die leemtes wat geïdentifiseer word. Die evaluering van musieksentrums volgens sterkpunte, tekortkominge, geleenthede en bedreigings (Brand, 2006:2-66) word in Hoofstuk Ses gevind (6.2).

2.3 'n Analitiese beskouing van musieksentrums as kleinsakeondernemings

Volgens Brand (2006:2-65) is 'n belangrike bestuursvaardigheid om die teikenmark van die onderneming te identifiseer. Dit word gedoen deur aspekte wat die onderneming en moontlike kliënte kan beïnvloed, te identifiseer. Die model wat deur Brand saamgestel is vir

die ontleding van 'n onderneming word opgesom in Figuur 7. Eksterne faktore word eerstens geïdentifiseer. Hierbinne moet die mark, kliënte en ander onbeheerbare aspekte beskryf word.



Figuur 7: Die ontwikkeling van bestuursvaardighede soos deur Brand bespreek (2006:2-65-2-67)

2.3.1 Beskrywing van eksterne faktore

2.3.1.1 Markbeskrywing

Daar is drie elemente wat onder markbeskrywing sorteer, naamlik (Brand, 2006:2-65):

- die belangrikste marksegmente;
- spesifieke behoeftes in die gemeenskap; en
- die teikenmark.

Die belangrikste marksegmente is klavieronderrig, asook onderrig in populêre musiek, meestal met klawerbord, tromstel of kitaar. Afhangend van die geografiese ligging kan spesifieke behoeftes onder andere insluit dat ouers graag wil hê hul leerders moet eksterne musiekeksamens aflê (byvoorbeeld Unisa, *Associated Board of the Royal Schools of Music* en *Trinity College of Music*). Sommige ouers wil hê hul leerders moet musieklesse neem vir verryking en genot, of om hul leerder die geleentheid te bied om ‘n talent te ontwikkel.

2.3.1.2 Kliënte en ander faktore

Faktore wat hieronder sorteer, is (Brand, 2006:2-65):

- geografiese faktore;
- demografiese faktore;
- sielkundige faktore;
- persoonlikheidstipes; en
- gedragsfaktore.

Musieksentrums is meestal in stedelike gebiede by ‘n skool geleë, wat dit gerieflik vir ouers maak. Daar is 2 434 skole in die Noordwes-Provinsie (Human Sciences Research Council: 1996) waarvan ongeveer 2 360 skole in landelike gebiede is. Sover vasgestel kon word, is daar geen musieksentrums by voorheen benadeelde skole nie.


In die Noordwes-Provinsie is Setswana die oorheersende taal wat in huise gepraat word, met 65.4% huistaalsprekers. Die taal met die tweede grootste hoeveelheid sprekers is Afrikaans met 7.5% huistaalsprekers (Statistics South Africa, 2005:8).

Daar word vir die doel van hierdie studie aanvaar dat persone van naastenby 24 jaar en jonger as potensiële kliënte gesien kan word. Soos uit tabel 1 gesien kan word, is 51.1% van die inwoners van die Noordwes-Provinsie in hierdie ouderdomsgroep (Statistics South Africa, 2005:19).

Tabel 1: Ouderdomsverspreiding van inwoners in Noordwes-Provinsie

Ouderdomsgroep	%
0-4 jaar	9.8
5-9 jaar	10.4
10-14	11
15-19	10.6
20-24	9.3
Totale persentasie inwoners onder 25 jaar	51.1

In Figuur 8 kan die inkomsteverdeling van werkende persone in die ouderdomsgroep 15-65 jaar in Noordwes-Provinsie gesien word (Statistics South Africa, 2005:71). Persone wat in die eerste vier kategorieë val, kan op grond van hul inkomste nie as potensiële kliënte vir musieksentrums beskou word nie.



Figuur 8: Inkomsteverdeling van werkende persone in die ouderdomsgroep 15-65 jaar in Noordwes-Provinsie (Statistics South Africa, 2005:71)

In die geval van musieksentrums is die verbruiker meer kompleks as by sommige ander industrieë. Die verbruiker van die diens is die leerder, maar die ouer/voog van die leerder is ook die kliënt, aangesien hulle vir die diens betaal. Beide ouer en leerder moet tevrede wees met die gelewerde diens.

Brand (2006:2.65) noem dat sielkundige faktore die lewenstyl en voorkeure van die kliënt insluit. Daar is natuurlik 'n wye verskeidenheid, maar die meeste Afrikaans- en Engelssprekende hoërskoolleerders word sterk beïnvloed deur die internasionale media. Leerders in hierdie ouderdomsgroep het dikwels rolmodelle in die vorm van internasionaal bekende akteurs, musikante en ander glanspersoonlikhede. Die meeste leerders in hierdie ouderdomsgroep is aanhangers van 'n verskeidenheid musiekgenres buiten klassieke musiek. Selfs onder laerskoolleerders word die bogenoemde aangetref. Meer inligting omtrent lewenstyl en voorkeure kan in Hoofstuk Vier gevind word (4.3).

Persoonlikheid is een van die interne karaktereenskappe van verbruikers wat dikwels deur bemarkers gebruik word. Stemming, eienskappe, styl, voorkoms, waardes en gewoontes van 'n persoon maak alles deel uit van persoonlikheid. Dit is van belang vir bemarkers aangesien 'n verbruiker se reaksie op advertensies en verkoopstegnieke deur sy/haar persoonlikheid bepaal word (Kumra, 2007:70).

Die besluit om te koop (of nie te koop nie) hang ook af van die verbruiker se sielkundige ingesteldheid. Vir hierdie doel is daar vier sieninge oor verbruikersgedrag (Kumra, 2007:277), naamlik die ekonomiese, passiewe, kognitiewe en emosionele persoon (Kumra, 2007:278). Die ekonomiese persoon neem 'n besluit op grond van die prys van 'n produk. By die passiewe model is die aanname dat die persoon onderdanig aan sy/jaar eie selfbelang is. Die persoon in die kognitiewe model sien die mens as 'n probleemoplosser. Hierdie persoon ontleed 'n situasie op 'n rasonale manier en neem dan 'n besluit. In teenstelling hiermee neem die emosionele persoon besluite op grond van sy/haar gevoelens (Kumra, 2007:278).

Persoonlikheidstipes is dus 'n faktor in die produk wat aangebied word, die manier waarop die produk aangebied word en in die kliënt (in hierdie geval die ouer, nie die leerder nie) se besluitneming ten opsigte van die waarde wat hy/sy in ruil vir geld kry. Daar is ook ander aspekte wat van belang is. Brand (2.65) meen dat spesiale geleenthede, gebruikerstatus en die ingesteldheid van die kliënt in aanmerking geneem moet word. Die meeste hoërskoolleerders is daaglikse gebruikers van digitale media. Baie leerders het internettoegang via selfone en sosiale netwerkdiensies soos *Facebook*, *Mxit*, *Blackberry*-gesels, *Twitter* en *My Space* is gewild.

2.3.2 Ontleding van omgewing

Volgens Brand (2006:2.66) moet die omgewing analities beskou word, eerstens ten opsigte van die kompeterende omgewing en tweedens ten opsigte van die breë besigheidsomgewing. Die eerste stap in die ontleding van die omgewing is om rolspelers te identifiseer; kompetisie kan direk of latent wees. Die tweede stap is om die strategieë van die kompetisie te analiseer.

2.3.2.1 Kompetierende omgewing

Musieksentrums kompeteer met 'n wye verskeidenheid van ontspannings-, sport-, kulturele en skolastiese aktiwiteite. Aktiwiteite ding mee om die kliënt se tyd, finansiële verpligting, belangstelling asook die mate van bevrediging wat die kliënt ervaar in terme van vermaak, genot en die invloed wat dit op lewenskwaliteit het. Ander aktiwiteite wat moontlik gewild sal wees onder musieksentrumleerders is sport, kunsklasse, naaldwerkklassie, dansklasse, swemlesse en perdrylesse (Hoofstuk 4, 4.3).

Gewilde aktiwiteite se strategieë behoort ontleed te word. Strategieë wat deur bogenoemde rolspelers gebruik word behels dikwels die vermaaklikheidsfaktor. Genotvolle aktiwiteite se invloed word ook dikwels versterk deur die rituele interaksie wat plaasvind tussen leerders wanneer hulle aktiwiteite saam met hul maats kan deel.

2.3.2.2 Breë besigheidsomgewing

Die besigheidsomgewing kan in drie komponente verdeel word, naamlik (Bates *et al.*, 2005:13; Smit *et al.*, 2007:61):

- die mikro-omgewing;
- die markomgewing; en
- die makro-omgewing.

Die besigheidsorganisasie maak deel uit van die interne besigheidsomgewing, met ander woorde die besigheid self. Dit bestaan uit die mikro-omgewing, ook bekend as die besluitneming-omgewing. Die missie en doelwitte van die besigheid, die organisasie of onderneming se funksies, die faktore van produksie en die bestuurstake en -strategieë van die organisasie word hierby ingesluit (Bates *et al.*, 2005:95). Daar is vier veranderlikes in die mikro-omgewing, naamlik (Bates *et al.*, 2005:93):


- missie en doelwitte van die besigheid;
- organisasie of ondernemingsfunksies;
- faktore van produksie; en
- bestuurstake en –strategieë.

Die markomgewing sluit in die verbruikers, hul behoeftes, koopkrag en gedrag, verskaffers, tussengangers, kompetisie, substituuatprodukte (produkte wat die oorspronklike produk kan vervang), potensiele nuwe toetreders tot die mark en werkersunies (Smit *et al.*, 2007:61).

Die eksterne omgewing sluit al die eksterne invloede wat 'n besigheid affekteer, in. Dit bestaan uit twee onderafdelings, naamlik die markomgewing of taakomgewing en die algemene besigheidsomgewing of die makro-omgewing. Die markomgewing is die onmiddellike omgewing waarin die besigheid funksioneer (Bates *et al.*, 2005:95). Die eksterne besigheidsomgewing of makro-omgewing (Bates *et al.*, 2005:103; Smit *et al.*, 2007:67) of die breë besigheidsomgewing (Brand, 2006:2-66) bestaan uit:

- wetlike/politieke omgewing en veranderlikes;
- tegnologiese omgewing;
- ekonomiese omgewing;
- internasionale omgewing;
- sosio-kulturele omgewing; en
- internasionale invloede (Brand, 2006:2-65; Smit *et al.*, 2007:67).

Die makro-omgewing beïnvloed die markomgewing en die mikro-omgewing (Bates *et al.*, 2005:13, Smit *et al.*, 2007:60). Die mikro-omgewing het 'n geringe of geen invloed op die markomgewing (Bates *et al.*, 2005:13) en 'n geringe (Smit *et al.*, 2007:60) of geen invloed op die makro-omgewing soos in figuur 9 gesien kan word (Bates *et al.*, 2005:13).




Figuur 9: Die verwantskap tussen die mikro-, mark- en makro-omgewing (Smit *et al.*, 2007:60)

Die interafhanklikheid tussen die besigheidsorganisasie en sy omgewing kan verduidelik word deur die sisteemteorie. Smit *et al.* (2007:57) definieer 'n sisteem as 'n stel interverwante elemente wat as 'n geheel funksioneer. 'n Besigheidsorganisasie is 'n sisteem wat in 'n omgewing funksioneer. Organisasies is nie selfonderhoudend nie. 'n Organisasie of besigheid is afhanklik van die omgewing vir hulpbronne en is dus afhanklik van die omgewing vir oorlewing. 'n Besigheidsorganisasie neem hulpbronne of insette uit die omgewing in die vorm van mense (arbeid), fisiese hulpbronne (rou materiale), kapitaal (finansiële bronne) en inligting (kennis en kundigheid), en die organisasie verwerk dan hierdie bronne uit die omgewing in die vorm van produkte of dienste (Smit *et al.*, 2005:57).

'n Besigheidsorganisasie is 'n oop sisteem, aangesien daar 'n spesifieke interaksie tussen die sisteem en die omgewing bestaan (Smit *et al.*, 2007:57). Daarteenoor is 'n geslote sisteem

selfonderhoudend en kan onafhanklik van 'n spesifieke omgewing bestaan. Die sisteemteorie-benadering tot bestuur beklemtoon die feit dat die verskillende substelsels in 'n sisteem mekaar beïnvloed. Die substelsels in 'n organisasie kan soms kontrasterende perspektiewe hê, en ook konflikterende prioriteite. Die sisteemteorie vereis dat die bestuur van 'n organisasie verskillende substelsels moet versoen sodat die organisasie in sy geheel ten beste sy doelwitte kan bereik (Smit *et al.*, 2007:58).



Figuur 10: Die bestuursproses vanuit die perspektief van die sisteemteorie (Smit *et al.*, 2007:57)

Aangesien die sisteemteorie impliseer dat die organisasie 'n oop sisteem is wat 'n spesifieke verhouding met sy omgewing het, moet die bestuur aanhoudend op hoogte bly van veranderinge in die omgewing om sodoende by sulke veranderinge aan te pas (Smit *et al.*, 2007:58). Die bestuur moet weet hoe om ontwikkeling, geleentheid en tendense in die organisasie se omgewing te hanteer. Die organisasie moet só opgestel word ten opsigte van die omgewing waarbinne dit funksioneer, dat geleentheid ten volle benut kan word en daar stappe geneem kan word teen moontlike bedreigings. Om dít moontlik te maak, moet bestuurders vanuit die staanspoor die samestelling en aard van die organisasie se omgewing

verstaan. In die 1990's het nuwe kommunikasie-middele, van faksmasjiene tot sellulêre fone en die internet, die denkwysse omtrent die organisasie van besighede verander (Smit *et al.*, 2007:59).

In die afgelope tien jaar was politieke omwentelinge 'n dryfveer vir verandering in die bestuursomgewing in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse bestuursomgewing is een van die moeilikste bestuursomgewings in die wêreld weens die groot hoeveelheid veranderlikes wat die omgewing beïnvloed (Smit *et al.*, 2007:56-57). Sekere sosio-ekonomiese aspekte het ook 'n invloed op die bestuur van besighede. Volgens Smit *et al.* (2007:57) het die middelinkomstegroep gedurende die laaste drie jaar met byna 300 000 swart Suid-Afrikane gegroei. Ander faktore wat verandering teweegbring is “the shift from production to knowledge-based societies, from local to global involvements by business organisations, new management paradigms, and the changing role of business in society.” Effektiewe bestuur kan nie plaasvind as bestuurders nie insig het in die verhouding tussen die organisasie en die omgewing, die bedreigings en geleenthede in die omgewing, die tendense wat verskyn en verdwyn en hoe al hierdie elemente deel vorm van 'n breë besigheidsomgewing nie.

Organisasie of ondernemingsfunksies (Bates *et al.*, 2005:99) is soos volg:

- algemene bestuursfunksie;
- aankopefunksie;
- operasionele funksie;
- bemarkingsfunksie;
- finansiële funksie;
- mensehulpbronfunksie;
- publieke verhouding-funksie; en
- administratiewe funksie.

2.3.3 Finansiële vaardighede

Daar blyk 'n gebrek aan literatuur te wees ten opsigte van die bestuur van musieksentrums. In die bronne wat vir hierdie studie geraadpleeg is, word verwys na sogenaamde ‘kulturele organisasies’. Hierdie organisasies is hoofsaaklik instansies soos teaters, operahuse en

museums. Daar is 'n fundamentele verskil tussen sulke instansies en musieksentrums, naamlik dat die hoofdoelwit van musieksentrum is om te onderrig. Ten spyte daarvan is die inligting relevant vir en implementeerbaar deur musieksentrums. Die implikasie is daar dat musieksentrums 'n aanpassing moet maak in terme van uitsette.

Musieksentrums is tot dusver in Suid-Afrika nie as sakeondernemings beskou nie. Twee moontlike redes is omdat musieksentrums in die eerste plek as opvoedkundige instansies funksioneer wat voorheen afhanklik van die staat was en tans dikwels van 'n skool afhanklik is. Tweedens is die hoofdoel van 'n musieksentrum nie om finansiële wins te maak nie. Die primêre doelwit van musieksentrums is om musiekonderrig aan leerders beskikbaar te stel. Vir die doelwit van hierdie studie sal die volgende as meer spesifieke doelwitte van musieksentrums beskou word:

- om musiekonderrig in 'n verskeidenheid van instrumente aan leerders beskikbaar te stel;
- om leerders blootstelling te gee aan ensemble-spel;
- om vir leerders die geleentheid te gee om individueel of in ensembles aan konserte deel te neem; en
- om leerders toe te rus en te begelei in hul voorbereiding vir eksamens wat by eksterne instansies afgelê word.

Om 'n finansiële wins te maak, word dus steeds nie direk as 'n doelwit aanvaar nie. Die organisasie wil egter volhoubaar wees en sekere standaarde handhaaf. Om die laasgenoemde te kan doen en die bogenoemde doelwitte te bereik, moet musieksentrums se opbrengs van so 'n aard wees dat dit aangewend kan word vir die aankoop en instandhouding van toerusting, die realistiese vergoeding van personeel en om ander bedryfskoste te dek. Die oorlewing van die organisasie en die bereiking van doelwitte hang af van effektiewe finansiële beheer (Paisey, 1992:87). Dit is in hierdie hoedanigheid dat musieksentrums as kleinsakeondernemings beskou kan word.

Soos in enige besigheid of sakeonderneming is daar 'n produk wat verkoop word – in hierdie geval is die produk musiekonderrig. Brand (2006:2-61) merk op dat musiekopvoeding gesien kan word as 'n diens wat aan die gemeenskap verleen word. Volgens Brand verwys die produk na die musiekonderwyser se vermoëns om leerders op 'n musikale wyse op te voed in enige situasie. Musieksentrums kan dus beskou word as opvoedkundige diensverskaffers.

Nie-winsgewende organisasies is ingerig om 'n diens te verleen eerder as om 'n wins te maak³. Die hoofdoel van nie-winsgewende organisasies is om die gemeenskap op te hef. Nie-winsgewende organisasies se oorlewing hang af van donasies en die hulp van vrywilligers (Bates *et al.*, 2005:18). Die doel van nie-winsgewende organisasies is per definisie nie om wins te genereer nie (Reiss, 1976:14). Alhoewel nie-winsgewende organisasies soos universiteite, skole, gesondheidsorgfasiliteite en regeringsinstansies nie winsgewend hoef te wees om beleggers te trek nie, moet hulle steeds gesonde bestuursbeginsels toepas. Sodoende kan die organisasies oorleef en hul doelwitte bereik (Smit *et al.*, 2007:21; Bates *et al.*, 2005:18) en dus as besighede beskou (Keegan, 1990:47-48), bestuur en georganiseer (Bütow, 2009:48) word:

The notion of being different from 'business' because your art organization serves a need and helps its fellow human being often gets in the way of looking at yourself with a keen business eye. Putting 'charity' or 'non-profit' at one pole and 'business' or 'for-profit' at the opposite pole has gotten untold numbers of art managers in deep trouble.


Dit blyk dus asof 'n organisasie soos 'n musieksentrum wat bemoeid is met die kunste, daarby kan baat om as 'n nie-winsgewende organisasie te registreer. Alhoewel die doel van nie-winsgewende organisasies nie is om wins te genereer nie, is daar niks wat nie-winsgewende organisasies verhinder om winsgewende ondernemings te besit nie (Reiss, 1976:14). Iselin noem die voorbeelde van kolleges wat steenkoolmyne, oliebronne en selfs 'n resiesbaan besit. Daar is ook nie-winsgewende organisasies, insluitend museums, wat winste genereer uit restaurante en boekwinkels op hul terrein (Reiss, 1976:14-15). Nie-winsgewende organisasies, veral in die kunste, het meestal nie 'n politieke agenda nie en bestaan om 'n

³ 'n Nie-winsgewende organisasie mag finansiële winste genereer en ook salarisse aan werknemers betaal. Die organisasie mag egter nie winste in enige vorm (buiten salarisse), byvoorbeeld in die vorm van dividende, aan aandeelhouders uitbetaal nie. Indien winste wel gegenereer word, moet dit aangewend word in die organisasie (Bütow, 2009:37; Madura, 2007:5)

diens te lewer en om belange te bevorder wat nie deur die regering bevorder word nie (Bütow, 2009:38).

‘n Nie-winsgewende of kulturele organisasie moet ‘n sekere struktuur hê. Die opbou van so ‘n organisasie vind plaas deur verskeie opeenvolgende stappe. Hopkins en Friedman maak melding van hierdie stappe: die daarstelling van ‘n missie (1997:2), die ontwikkeling van effektiewe bestuur (1997:4) en die formulering van ‘n langtermyn doelwitplan (1997:4). Hierdie denkwyses kom ooreen met dié van Brand (2006:2-62) wat aandui dat die beplanningsproses in ‘n organisasie by die ontwikkeling van ‘n missie begin. Brand dui aan dat ‘n missie ‘n stelling is van die basiese voorneme of bedoeling wat die organisasie onderskei van ander. Dit dui ‘n algemene benadering aan om ‘n behoefte in die samelewing te vervul. Brand noem dat die volgende aspekte is om langtermyn- en korttermyn doelwitte te formuleer. Dit word gewoonlik gedoen deur strategiese beplanning (Brand, 2006:2-62). Tydens hierdie opbouingsproses moet daar besluit word wat die doel en programme van die organisasie is, ‘n raad van trustees en ‘n professionele personeelkorps moet aangestel word en ‘n langtermynplan moet uiteengesit word.

Daaruit volg dat ‘n organisasie ‘n missie moet formuleer. Die basiese stelling van die missie moet die volgende inligting bevat (Hopkins & Friedman, 1997:2-3): watter dienste en programme deur die organisasie gelewer gaan word, wie die teikenmark is, en watter geografiese areas ingesluit gaan word. Volgens Hopkins en Friedman (1997:8-20) bestaan ‘n kulturele organisasie uit ‘n raad van trustees wat bestaan uit ‘n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier. Daar is ook verskeie komitees, naamlik ‘n uitvoerende komitee, ‘n nominasie-komitee, ‘n ontwikkelingskomitee, ‘n finansiële komitee, ‘n langtermynbeplanningskomitee en ‘n *ad hoc*-komitee. Onder die senior personeel moet persone beskikbaar gestel word om te kan dien as artistieke direkteur, besturende direkteur, bemarkingsdirekteur, finansiële direkteur en ontwikkelingsdirekteur. Vrywilligers kan ook betrek word, in die geval van ‘n musieksentrum sal ouers van leerders en dalk ook leerders self as vrywilligers betrek kan word. Die struktuur van die organisasie word in Figuur 11 uitgebeeld.



Figuur 11: Die strukture van 'n kulturele organisasie soos bespreek deur Hopkins en Friedman (1997:8-20)

Soos reeds genoem, is die kunstebedryf en derhalwe die musiekbedryf 'n hoë risikobedryf. Die belangrikste hulpmiddel om daardie risiko te verminder, is bemarking. Kolb (2005:vii) beweer dat bemarking nie gaan oor vaardighede en hulpmiddels nie, maar eerder oor 'n verhouding tussen die organisasie en die kliënt. Daardie verhouding word gebou tussen twee gelyke partye en is gebaseer op die behoeftes van die kliënt. Volgens Kolb (2005:vii) het sommige kulturele organisasies verkeerdelik gevoel dat so 'n benadering hul missie sal teenwerk. Kolb voer verder aan dat kulturele organisasies in die verlede deur publieke subsidies beskerm is teen die realiteite van die markplein. Die subsidies het egter verminder en kulturele organisasies moet hulself vergewis van bemarkingsvaardighede om sodoende 'n gehoor aan te trek wat toenemend moeiliker raak om te vind. Hierdie opvatting word verder deur Reiss ondersteun (1974:26):

increasingly, those sources of support which helped seed many arts programs are turning their consideration to new and more pressing areas, such as inter-racial relations and ghetto re-development. Arts leaders acknowledge that new sources of subsidy must be found.

Volgens Kolb (2005:vii) is bemarking verder baie belangrik vir kulturele organisasies, weens veranderinge in die samelewing. Die klant, volgens Kolb genoem die kultuurverbruiker, het geen lojaliteit of gevoel van pligsgetrouheid teenoor enige spesifieke kunsvorm nie. Die kultuurverbruiker wil 'n kulturele ervaring hê, maar slegs as dit ook vermaaklik is. Die

implikasie is hier dat kunstenaars 'n aanpassing sal moet maak in die keuse van materiaal wat aangebied word. Die vraag wat dan ontstaan, is een van filosofiese waarde: druis dit nie in teen die beginsel van esoterisme⁴ wat die kruks is van Westerse of kunsmusiek nie? Is die popularisering van Westerse of kunsmusiek nie per definisie die dood daarvan nie? Aan die ander kant: is die weiering van kunstenaars om Westerse of kunsmusiek te populariseer nie eerder die dood daarvan nie? Daar is reeds in 1976 opgemerk dat

within the business world, only one industry exists which can be expected to benefit from experimentation in the arts – the entertainment industry ... with several notable exceptions, the entertainment industry has failed to provide support to the non-profits arts field (Reiss, 1976:27).

Volgens navorsing wat gedoen is op operagehore in Australië is die motivering vir die bywoning van operas soos volg: 28% van operagangers gaan om 'n spesifieke uitvoerder, vertoning of groep te sien, 25% gaan met die doel om vermaak te word, 14% is intekenaars en vir 11% is die spesifieke vertoning 'n gunsteling. Redes om nie operas by te woon nie is meer dikwels koste, gebrek aan tyd, kompeterende vryetyd-aktiwiteite, groot reisafstand en geen voorkeur vir die produksies wat tans beskikbaar is nie (Sayre, 2008:277-278).

Bütow (2009:48) maak melding daarvan dat dit algemene praktyk vir kunste-organisasies is om teen 'n verlies te werk. Besighede wat met die kunste te doen het, verskil egter volgens Bütow (2009:48-49) in een groot opsig van 'n gewone besigheid omdat die kunste 'n hoë risikofaktor inhou. Indien die kaartjies vir 'n vertoning nie verkoop word voor die vertoning plaasvind nie, is die kaartjies waardeloos. Die kunstebestuurder moet hierdie risiko's kan bestuur.

Buiten die aanhoudende bekommernis oor befondsing, het die status van 'n kulturele organisasie as 'n nie-winsgewende organisasie volgens Kolb (2005:199) 'n negatiewe effek op die organisasie se bestuurseffektiwiteit. Een van die negatiewe aspekte is dat die afwesigheid van 'n winsmotief dit moeilik maak om 'n organisasie se sukses te meet. Waar die

⁴ Esoteries: alleen vir ingewydes, duister, diepsinnig, geheim. In teenstelling met eksoteries: vir leke bestem, vir die groot publiek begryplik (HAT, 2005)

verkryging van winste die doelwit is, is dit maklik vir 'n besigheid om te sien of die organisasie suksesvol is al dan nie. Selfs al is die doelwit van die besigheid om klante of kliënte tevrede te stel, word die bereiking van die doel steeds gemeet aan die opbrengs.

Hopkins en Friedman (1997:1) dui aan dat 'n instelling of stigting gedefinieer kan word as 'n instelling met gesag en die voorneme om permanent te wees. Hulle voer verder aan dat die definisie gepas is vir kulturele organisasies wat 'n duidelike artistieke of programmatiese doel het en van voorneme is om 'n permanente deel van die plaaslike gemeenskap te word. Om hierdie doel te bereik is dit noodsaaklik om fondse in te samel – veral in die geval van 'n nie-winsgewende organisasie. Hopkins en Friedman (1997:2) dui aan dat 'n organisasie wat van nuuts af op die been gebring word, as 'n nie-winsgewende organisasie moet registreer.

Enige kleinsakeonderneming behoort ook aandag te gee aan boekhouding, insig in finansiële inkomstes en uitgawes, winste en verliese en die vaardigheid om finansiële dissipline en die aanwending van fondse te toon. Vir die doel van hierdie studie gaan hierdie onderwerpe egter nie verder ondersoek word nie (Brand, 2006:2-67).

Dit is noodsaaklik vir enige onderneming om befondsing te kry. Vir nie-winsgewende organisasies soos kulturele organisasies is dit 'n spesifieke area waaraan aandag gegee moet word. Weens die hoë koste verbonde aan kunstebestuur en die lae opbrengs wat dit lewer, sal dit raadsaam wees vir sulke organisasies om jaarlikse fondsinsamelingsprojekte te loods.

Om finansiële steun te kry is noodsaaklik in die aanvangstadium van 'n nuwe onderneming. Befondsing in die kreatiewe sektor is van die hoogste belang. Meer as twee derdes van beleggers is oortuig dat die Verenigde Koninkryk die potensiaal het om 'n wêreldleier te wees in die kreatiewe sektor, maar minder as 'n kwart oorweeg dit om in hierdie sektor te belê (Cinnéide & Henry, 2007:76).

Wanneer aansoek gedoen word vir befondsing moet daar besef word, dat 'n organisasie moet kwalifiseer vir ondersteuning. Die waarde van die organisasie moet aan die verbruiker bewys word (Reiss, 1974:14).

Hoe meer gevorderd die opbouingsproses van 'n instelling is, hoe groter is die instelling se vermoë om fondse in te samel (Hopkins & Friedman, 1997:1). Hopkins en Friedman (1997:2) noem vier kategorieë waarin bronne van befondsing geplaas kan word, naamlik: individue, besighede, stigtings en regeringsinstansies.

'n Jaarlikse fondsinsamelingsprojek is 'n stap-vir-stap proses waardeur 'n spesifieke bedrag geld in 'n bepaalde tydperk ingesamel word (Hopkins & Friedman, 1997:21). Fondsinsamelings- en ontwikkelingsveldtogte vereis omsigtige tydsberekening en bewuste stapsgewyse beplanning (Reiss, 1974:39). Hopkins en Friedman voer verder aan dat die projek vir 'n jaar moet duur en moet ooreenstem met die belastingjaar van die organisasie. 'n Reeks fyn beplande fondsinsamelingsprojekte wat op 'n jaarlikse basis plaasvind bou vir 'n organisasie 'n ondersteuningsbasis met 'n groot verskeidenheid van donateurs. Dit is 'n goeie strategie om skenkings by verskeie bronne te kry eerder as om net 'n paar groot skenkings te kry (Hopkins & Friedman, 1997:21).

Vir 'n fondsinsamelingsprojek om suksesvol te wees, moet dit 'n weldeurdagte projek wees en goed uitgevoer word. Om hierdie doel te bereik, moet die organisasie volgens Hopkins en Friedman (1997:22) doelwitte, strategieë en tydskedules bepaal. Volgens Reiss (1974:39) is die eerste stap om die organisasie se saak te stel en aan die publiek te kommunikeer. 'n Inligting- en rekorderingsstelsel moet tot stand gebring word (Hopkins & Friedman, 1997:22). Die volgende stap is die identifisering van alle moontlike donateurs (Reiss, 1974:39) en om navorsing te doen oor sogenaamde donateurs, insluitend donateurs wat in die voorafgaande jaar bydraes gelewer het, asook nuwe bronne van befondsing (Hopkins & Friedman, 1997:22). Reiss (1974:39) gaan verder deur te noem dat moontlike donateurs in volgorde geplaas moet word in terme van belang in die organisasie en befondsingspotensiaal. Die struktuur van die veldtog moet georganiseer word. Leierskap, veral op hoë vlak, moet vroeg

in die proses gefinaliseer word (Reiss 1974:39). Die ontwikkeling van kultiveringsplanne is die volgende stap (Hopkins & Friedman 1997:22). Volgens Reiss (1974:39) moet 'n persoonlike ontmoeting gereël word met moontlike donateurs. Laasgenoemde se belang in die organisasie moet dan gestimuleer word en die saak van die organisasie word dan aan die moontlike donateurs gestel. Reiss voer verder aan (1974:39-40) dat daar op hierdie stadium rigtinggewende skenkings gevind moet word. Hierdie skenkings kom gewoonlik vanaf 'n persoon in die organisasie self, soos trustees of ander lede van die organisasie se amptelike familie. Hierdie skenkings kry die wiel aan die rol.

Die volgende stap is om moontlike donateurs te nader vir skenkings (Hopkins & Friedman, 1997:22, Reiss, 1974:40). Volgens Reiss (1974:40) moet dit verkieslik gebeur wanneer 'n gevoel van dringendheid by die moontlike donateurs geskep is. Die voorlaaste stap is om 'n ernstige beroep op potensiële donateurs te doen vir donasies. Die laaste stap is die bedanking van donateurs. Sso word die deur oopgemaak vir toekomstige skenkings, en daarna (Hopkins & Friedman, 1997:22) word 'n sin van eienaarskap gebou.

Hopkins en Friedman (1997:37) noem vyf basiese tipes finansiële steun, naamlik: algemene steun, steun ten opsigte van 'n spesifieke projek, kapitale steun, ondersteuning vir 'n skenkingsfonds, en uitdagingskenkings. Laasgenoemde is waar 'n organisasie 'n sekere bedrag geld belowe mits die organisasie 'n sekere bedrag geld (voorgeskryf deur die skenker) kan insamel vanaf ander skenkers.

Daar is ook ander maniere om kontantvloei te versterk. Baie nie-winsgewende organisasies het beleggings waaruit inkomste gegenereer word. Een voorbeeld is waar 'n museum wins maak uit restaurante en boekwinkels wat op die perseel geleë is (Reiss, 1974:14).

2.4 'n Oorsigtelike agtergrond tot bemarking en verbruikersgedrag

Verbruikers gaan deur verskeie prosesse, naamlik die herkenning van behoeftes, die soeke na oplossings vir hierdie behoeftes, die insameling en interpretasie van inligting, die maak en implementering van planne en besluitneming om 'n aankoop te maak al dan nie. Al hierdie prosesse staan bekend as verbruikersgedrag. Besluitneming behels die besluit om te koop of nie te koop nie en indien wel, watter maak en waar gekoop gaan word. Nog 'n aspek van verbruikersgedrag is die gedrag wat getoon word nadat 'n aankoop gemaak is (Kumra, 2007:2). Verbruikersgedrag bestaan uit vier domeine, naamlik:

- sielkundige kern;
- besluitnemingsproses;
- verbruikerskultuur; en
- resultate van verbruikersgedrag (Hoyer & MacInnes, 2008:13).

Marknavorsing is die funksie wat die verbruiker, klant (of kliënt) en die publiek met die bemarker in verbinding plaas deur middel van inligting. Hierdie inligting word gebruik om bemarkingsgeleenthede en –probleme te identifiseer en definieer, bemarkingsaksies te evalueer, markprestasie te monitor en begrip van bemarking as 'n proses te verbeter (Kumra, 2007:17).

Alle produkte en/of dienste wat verbruikers koop, kan as 'n middel tot 'n doel gesien word. Verbruikers spandeer geld op produkte en/of dienste wat 'n sekere behoefte van die verbruiker kan vervul. Om 'n produk of diens suksesvol te bemark en te verkoop, moet die produsent eers die besluitnemingsproses wat die verbruiker se keuse voorafgaan, ondersoek. Die proses van motivering begin wanneer 'n behoefte ontwikkel wat 'n verbruiker wil bevredig (Kumra, 2007:50). Vervolgens word basiese agtergrondinligting rondom menslike behoeftes verskaf.


Volgens Kumra (2007:50) is die eenvoudigste manier om behoeftes te klassifiseer om hulle as aangebore of aangeleerde behoeftes te onderskei. Aangebore behoeftes (of primêre

behoefte) het 'n fisiologiese basis soos die behoefte aan kos, water en suurstof. Aangeleerde behoeftes (of sekondêre behoeftes) is behoeftes wat vanuit die omgewing aangeleer word. Voorbeelde hiervan is die behoefte aan selfwaarde, status, prestige, 'n gevoel dat 'n persoon aan iets behoort, gevoelens en mag (Kumra, 2007:51).

Brand (2006:2-61) voer aan dat 'n produk noodsaaklik moet wees ten einde 'n diens aan die gemeenskap te lewer. Om aan die diverse musikale behoeftes van 'n gemeenskap te voldoen, moet die behoeftes van die kliënte aangehoor word, dienooreenkomstige aanpassings gemaak word en kwaliteit diens gelewer word. Die behoeftes van die kliënte van musieksentrums word verder in Hoofstuk Vier ondersoek.

Kumra (2007:51) klassifiseer behoeftes verder soos volg:

- fisiologiese behoeftes (primêre behoeftes);
- veiligheids- en gesondheidsbehoefte (2007:52);
- liefde en samehorigheid (2007:52);
- genot (2007:53);
- behoeftes betreffende 'n persoon se sosiale beeld (2007:53); en
- behoefte om iets te besit (2007:53).



Figuur 12: 'n Model van verbruikersgedrag (Hoyer & MacInnes, 2008:14)

2.5 Algemene bestuursbeginsels en die toepassing daarvan in musieksentrums

Volgens Paisey (1992:11) bestaan 'n organisasie om sekere verklaarde doelwitte te bereik. Die organisasie is dus net 'n instrument, 'n middel tot 'n doel. Dit is van groot belang dat 'n organisasie 'n gedeelde doelwit het (Paisey, 1992:33). Daar is twee strategieë wat geskik is vir 'n skool om doelwitte te bereik, in stand te hou en te verander. Die eerste strategie is voorskrywend van aard. Doelwitte is afkomstig van 'n enkele persoon (in die geval van 'n skool, die skoolhoof) of 'n baie klein groepie van senior personelede. Elke sub-groep en uiteindelik die individu word oorgehaal om die doelwitte te aanvaar. Die ander strategie is afstammend of afgelei van aard. Doelwitte word bepaal en verfyn deur 'n proses wat by die persoonlike doelwitte van individuele lede begin. Groepe in die organisasie maak dan 'n samevatting van hul doelwitte en uiteindelik word doelwitte saamgevoeg as 'n stel doelwitte vir die organisasie (Paisey, 1992:55).

Brand (2006:2-60) definieer bestuur as 'n proses waardeur persone in 'n leierskapsposisie daarna poog om menslike en ander hulpbronne so effektief as moontlik te bestuur. Sodoende

word sekere produkte en/of dienste gelewer wat aan sekere vereistes of behoeftes voldoen. Bestuur is 'n funksie van besigheidsbestuurders. 'n Entrepreneur moet entrepreneurskap en bestuursvaardighede ontwikkel aangesien dit die belangrikste elemente van sukses is. Dit kulmineer in 'n proses van insette, transformasie en resulterende uitsette (Brand, 2006:2-60).

Bestuursopleiding en –ontwikkeling vir kleinsakeondernemings is vir verskeie redes noodsaaklik. Van hierdie redes is genoem in 'n verslag van die wêreldbank waar aangedui word dat die oorlewingsyfer van nuwe besighede in Suid-Afrika neig om laag te wees. In Asië, Latyns-Amerika en Wes-Afrika ontwikkel 50% van mikro-ondernemings later in dinamiese klein en medium-ondernemings. In Oos-Afrika en Suid-Afrika is dit slegs ongeveer 10% (Smit *et al.*, 2007:21).

Volgens Mariotti (2007:6) is die meeste besighede in die wêreld kleinsakeondernemings. 'n Kleinsakeonderneming het minder as 100 werknemers (Mariotti, 2007:6) en het 'n jaarlikse omset van tot en met R10 miljoen (SARS, s.a.). Volgens die Nasionale Kleinsakeondernemingswysigingswet (South Africa 29/2004) is 'n kleinsakeonderneming enige entiteit wat bestaan uit persone wat gemoeid is met kleinsakebelange in enige ekonomiese sektor wat opgerig is met die doel om die belange van die organisasie te bevorder. Mariotti (2007:6) voer verder aan dat die beginsels waarvolgens 'n groot besigheid bestuur word, dieselfde is as die wat betrokke is by die bestuur van kleinsakeondernemings. Daar word nie verder aandag aan groot ondernemings gegee nie, aangesien musieksentrums as kleinsakeondernemings beskou word.


In enige besigheid word die waarde van 'n produk bepaal deur die verhouding tuseen die vraag en aanbod van 'n produk. Om werklik 'n deeglike begrip te vorm van die vraag en aanbod van 'n produk, is dit noodsaaklik om marknavorsing te doen. Daar moet dan, met die nodige resultate, ernstig besin word oor of daar 'n groot genoeg vraag is vir 'n produk. Indien daar reeds 'n groot aanbod van 'n spesifieke produk is, moet die produk op 'n nuwe of beter manier aangebied word. Indien 'n nuwe onderneming begin word, moet 'n besigheidsplan opgestel word. 'n Besigheidsplan is 'n dokument wat breedvoerig 'n besigheidsidee omskryf

en ook aandui hoe die idee uitgevoer gaan word (Mariotti, 2007:25). 'n Besigheidsplan bevat die volgende:

- alle kostes en 'n bemarkingsplan;
- 'n beskrywing van hoe die besigheid gefinansier gaan word; en
- 'n beraming van wat die verwagte opbrengs gaan wees.

Organisasie en bestuur in skole is die middels waardeur onderrig gegee word. Dit is hulpmiddels tot hierdie doel en nooit die doel self nie. Dit is oneindig aanpasbaar in diens van 'n vaste doelwit. Organisasie is die stel menslike reëls waardeur twee of meer persone saamwerk (Paisey, 1992:viii). Opvoeding is die persoonlike leerproses waardeur waardes, ingesteldhede, inligting en vaardighede bekom word en geïntegreer word. Bestuur is die universele en onvermydelike persoonlike organiseringsproses van verwante hulpbronne wat aangewend word om doelwitte te bereik (Paisey, 1992:3).

Opvoedkundige bestuur is die spesifieke proses waardeur hulpbronne aan doelwitte gekoppel word, wat verlang word deur organisasies wat uitsluitlik bestaan om onderrig te verskaf (Paisey, 1992:3). Volgens Smit *et al.* (2007:9) is bestuur 'n proses en 'n proses is 'n sistematiese manier waarop dinge gedoen word. Die bestuursproses bestaan uit vier interverwante, interafhanklike (Bates *et al.*, 2005:328) funksies, naamlik: die beplanning, organisering, leiding en beheer (Smit *et al.*, 2007:8, Bates *et al.*, 2005:328) van die hulpbronne van die organisasie om die vooraf bepaalde doelwitte van die organisasie op die produktiefste manier moontlik te bereik (Smit *et al.*, 2007:9). Die bestuursproses word op die volgende manier grafies voorgestel (Smit *et al.*, 2007:8):



Figuur 13: Die vier fundamentele bestuursfunksies wat deel uitmaak van die bestuursproses soos bespreek in Smit et al. (2007:8)

Die hulpbronne van 'n organisasie kan in vier basiese groepe verdeel word, naamlik: fisiese hulpbronne, finansiële hulpbronne, mensehulpbronne (Bates *et al.* 2005:15, Smit *et al.*, 2007:8), inligting (Smit *et al.*, 2007:8) en entrepreneurskap (kennis, vaardighede en vermoëns) (Bates *et al.*, 2005:15).

2.6 Entrepreneurskap

Daar is vele uiteenlopende definisies van entrepreneurskap. Volgens Brand (2006:2-60) is 'n entrepreneur 'n persoon wat 'n onderneming begin. Wanneer die onderneming gevestig is, word die entrepreneur 'n kleinsake-eienaar. Entrepreneurskap word ook beskou as die skep en bou van iets waardevols (Bates *et al.*, 2010:46) of 'n visie (Timmons, 1994:7-8) uit nagenoeg niks, ten tye van onsekerheid en risiko, en om die vasberadenheid te hê om teen alle verwagting suksesvol te wees (Bates *et al.*, 2010:46). Volgens hierdie definisies behoort musikonderwysers hulself as entrepreneurs te beskou om hul voortbestaan in die veld van musiekopvoeding as professionele beroep te verseker.

2.6.1 Entrepreneurskap en die kunste

Entrepreneurskap word op fundamentele vlak as ‘n menslike, kreatiewe handeling beskou (Gustafson, 2011:69, Fleischmann, 2006:2). Dit kan nie van kuns geskei word nie, met die dryfveer vir beide die skep en nastreef van ‘n hoër estetiese waarde (McGucken, 2011:xii). Geïntegreerde leer en ontvanklikheid vir nuwe ervarings is deel van entrepreneurskap (Fleischmann, 2006:2). Volgens Owens (2011:83) deel die veld van musiekopvoeding hierdie eienskappe. Fleischmann (2006:11) noem verder dat die mees gevorderde onderwysers in entrepreneurskap laasgenoemde definieer as ‘n stel idees en vaardighede wat menslike potensiaal bevry en verbeelding en inisiatief aanwakker om persoonlike en sosiale rykdom te skep. Volgens Gustafson (2011:69) word kommentaar dikwels gelewer oor die ooreenkomste tussen kuns en entrepreneurskap in terme van innovasie. Gustafson (2011:72) noem dat kunstenaars ‘n aangebore en lewendige waardering vir kreatiwiteit het, en verder: “Andy Warhol’s famous remark that ‘business is the highest of all the arts’ is not a witty irony but rather an important insight.” Cinnéide en Henry (2007:74-75) neem die argument selfs verder en voer aan dat daar nie net ‘n sterk verband tussen entrepreneurskap en die kreatiewe industrieë is nie, maar dat sulke industrieë en ondernemings uiters effektiewe vennote kan wees.

Brand (2006:2-59) noem dat om ‘n entrepreneur in die kunswêreld te wees, daar nie in algehele isolasie van die kommersiële sektor funksioneer kan word nie. Kunste-besighede word soos kleinsakeondernemings bedryf en poog daarna om dit wat in aanvraag is, te verskaf deur georganiseer, kreatief, gedissiplineer en aanpasbaar te wees en deelnemend te reageer. Die doelwit van kunste-entrepreneurskap is volgens McGucken (2011:xii) om blywende rykdom en hulpbronne in die samelewing te skep.

Harding (2011:19) betoog dat die gemiddelde professionele musikante wat musiek wil maak en hul lewenswerk met ander wil deel, nou toenemend meer soos entrepreneurs moet dink en optree. Hierdie musikante moet entrepreneurs moet word en op só ‘n wyse vir hulself die weg baan en tegelykertyd die samelewing se behoefte aan meer musiek versadig.

In 'n samelewing wat die kunste gelykstel met vermaak, is daar egter onoorkombare hindernisse vir 'n kunstenaar wat met 'n onderneming iets anders as vermaak, of meer as blote vermaak wil bereik. Om suksesvol te wees as kunste-entrepreneur is dit van kardinale belang om te besef dat praktiese grense geskep word deur perseptuele grense. Eweneens kan perseptuele moontlikhede ook praktiese moontlikhede skep. Brookby (2011:65) beweer die sleutel tot kunste-entrepreneurskap “is recognizing that, even within a cultural system that does not value creative artistic innovation as much as we would like it to, success is possible”.

Daar is vyf bronne van geleentheid in die besigheidswêreld (Mariotti, 2007:19):

- probleme wat deur 'n sakeonderneming opgelos kan word;
- verandering van wette, situasies of neigings;
- die ontdekking van totaal nuwe produkte of dienste;
- kompetisie met bestaande sakeondernemings; en
- tegnologiese vooruitgang.

Mariotti (2007:24) noem sewe reëls vir die bou van 'n suksesvolle besigheid:


- herken 'n geleentheid;
- evalueer die geleentheid met kritiese denke;
- bou 'n span;
- skryf 'n realistiese besigheidsplan;
- win hulpbronne in;
- neem 'n besluit oor eienaarskap; en
- skep rykdom.

Entrepreneurskap verg net soveel kreatiwiteit en oorspronklikheid as die kunste. Musiekonderwysers is dus in daardie opsig die ideale persone om hulself in entrepreneurskap te begewe.

2.7 Samevatting

Indien musieksentrums met ander kleinsakeondernemings wil kompeteer, sal drastiese veranderinge aangebring moet word in die bedryf daarvan. Nuwe bronne van inkomste moet ondersoek word, die struktuur van die musieksentrum as 'n organisasie moet heroorweeg word en bestuursvaardighede moet aangeleer word. Entrepreneurskap is 'n onontbeerlike element van kleinsakeondernemings. Die bestuurders van musieksentrums kan nie bekostig om nie oor kennis van die beginsels van entrepreneurskap te beskik nie. Om vanuit die entrepreneuriese oogpunt na musieksentrums te kyk, sal veroorsaak dat nuwe geleenthede raakgesien word.

Hoofstuk 3: Literatuurstudie – onderrig



Figuur 14: Opsomming van inhoud

3.1 Inleiding

Benewens aanpassings ten opsigte van finansiële en ondernemingsbestuur wat in musieksentrums gemaak kan word, kan daar ook aanpassings ten opsigte van onderrigmateriaal (inhoudelik) en –metodes (didakties) gemaak word om die funksionering van musieksentrums te verbeter. In hierdie hoofstuk word moontlikhede ondersoek waarop onderwysers hul kreatiwiteit kan gebruik om te verseker dat hul onderrig aktueel en relevant is. Dit sluit nie slegs die verbetering van die kwaliteit van onderrig in nie, maar ook om die kwaliteit van diens wat gelewer word, te verbeter sodat musiekonderrig kan kompeteer met ander buite-kurrikulêre aktiwiteite.

3.2 Aanpassings ten opsigte van onderrigmateriaal

Die tradisionele opvatting van musiekopvoeding in Suid-Afrika is dat dit vanuit ‘n Westerse musiek perspektief benader word. Jorgensen (2003:7) verwys na sogenaamde “kulturele stryde”: ‘n wedywering tussen die hoë en esoteriese Westerse kultuur van die verlede en

hedendaagse middelganger populêre kultuur, asook tussen Europese en ander kulturele tradisies.

These contests were expressed musically in clashes between beliefs, values, and practices of Western “art” music, so-called classical music, and popular musical expressions of jazz, country, rock, rap, and others, each in turn achieving some measure of respectability the longer it lasted (Jorgensen, 2003:7).

Daar is verskeie maniere om musiekonderrig meer aktueel en relevant vir hedendaagse leerders te maak. Thompson (2007:36) beskryf hoe hy ‘sy musiekprogram kreatief aangepas het om sy leerders, wie se musikale belangstellings van sy eie verskil, te akkommodeer. Hy voer byvoorbeeld besprekings oor die televisieprogram “American Idol” met sy leerders. Tydens hierdie besprekings ontwikkel leerders analitiese vaardighede en word hul belangstelling geprikkel. Volgens Thompson hou die oefening noemenswaardige opvoedkundige belonings vir leerders in.

Thompson (2007:37) beweer dat die kultuur van hedendaagse jongmense dikwels oor die hoof gesien word en dat daar uiting gegee word aan hierdie kultuur in populêre musiek. Thompson noem verder: “[as] a result of incorporating popular music into the music curriculum, music educators might even be “idolized” for being in touch with the young people they teach.” Ongelukkig is baie onderwysers en leerders onwillig om populêre musiek met dieselfde agting as klassieke musiek te benader, en daar bly dus ‘n skeiding tussen musikale ideologie en opvoedkundige praktyk.

[Despite] the fact that efforts to democratize music and include popular and vernacular musics in the musical canon challenged notions of cultural imperialism, traditional ideas of the dominance of classical music (especially that emanating from the West), the narrowness of musical curricula, and the validity of Western notions of music itself were difficult to dislodge (Jorgensen, 2003:4).

‘n Uitvloeisel van die uitsluitlike gebruik van Westerse musiek in onderrig is dat leerders nie vaardighede ontwikkel wat in alledaagse situasies gebruik kan word nie. Kos (2010) ondersteun hierdie stelling en sê dat ten spyte van pogings om by ‘n veranderende wêreld aan te pas, berei musiekprogramme in skole leerders nie voor om op ‘n musikale vlak in die hedendaagse samelewing betrokke te raak nie. Volgens Kos (2010) gee musiekprogramme nie aandag aan die sosiale konteks nie. Musiek en opvoeding behoort die behoeftes en kulture

van die studente en die gemeenskappe waaraan hulle deel het, te reflekteer. Leerders word nie voldoende voorberei vir 'n wêreldwye en tegnologiese ekonomie nie, en baie leerders ervaar onderrig nie as relevant nie.

The musical skills and knowledge that our programs impart are not related to many of the ways in which people in today's society produce and consume music. The basis for this problem lie[s] ... in the longstanding assumptions on which school music education is based (Kos, 2010).

Om musiekonderrig relevant te maak, moet die behoeftes van die huidige samelewing ondersoek word.

Die grootste deel van die bevolking stel belang in musiekgenres buite klassieke musiek. Volgens Vagi (2010) word daar bykans elke sekonde 'n kitaar op *eBay* verkoop. In die 2008 *Recording Industry Association of America* se verbruikersprofiel het *rock*-musiek 31.8% van musiekverkope in die VSA beslaan en *hip-hop* en *R&B* 20.9%. In teenstelling daarmee is die bydrae van klassieke musiek 1.9% en dié van jazz 1.1%.

When it comes to meeting cultural demands and giving students the knowledge and skills they need to be successful, thoughtful music creators and consumers in modern society, we may be off target ... a reassessment of the scope and emphasis of what we're offering students is in order (Vagi, 2010).

Vagi (2010) het besluit om *Hip-hop* in sy kurrikulum in te sluit. Aan die einde van die module het hy dié vraag aan leerders gestel: "hoe het die klas die manier waarop jy *rap*-musiek en die wêreld sien en daaroor dink, verander?" Leerders het die volgende antwoorde gehad:

- "I learned that music can be about more than just entertainment. It can have a message."
- "I pay attention more to the other things that are going on around me. I even watch the news now."
- "I better understand rap."

Vagi (2010) redeneer dat om sy leerders te oortuig dat musiek belangrik en relevant tot hul lewens is, hy hulle op hul eie vlak moes ontmoet. Sodoende kon hy hul aandag en vertroue wen en daarna kon hy hulle aan nuwe ervarings bekendstel. Vagi (2010) beweer dat vir die beste manier om aan sy leerders se behoeftes te voldoen, hy uit die gebied van sy eie ervaring moes beweeg en aan iets nuuts deelneem. "I believe that this willingness to change and grow

is key for music educators who wish to be successful in a culture different from their own (Vagi, 2010).”

3.3 Aanpassings in onderrigmetodes

3.3.1 Groepsonderrig

Die tradisionele siening van musiekonderrig in Suid-Afrika is individuele onderrig. Om die uitsette van ‘n musieksentrum te vergroot, kan die moontlikheid van onderrig in groepverband egter oorweeg word. Kos (2010) is van mening dat opvoedkundige musiekprogramme steeds die model volg wat vir vorige generasies ontwerp is, en Kos (2010) voer verder aan dat, as die professie ‘n nuwe benadering tot musiekonderrig en -leer kan ontwikkel “then supporters would be able to defend their product more easily ... [The] traditional models of music education are no longer relevant in many communities”.

Die grootste beswaar wat onderwysers teen groepsklasse het, is die bekommernis dat kwaliteit sal afneem. Groepsonderrig, as ‘n alternatiewe model van instrumentale en vokale onderrig, vind dikwels in skole en musieksentrums plaas en word deur sommige as die tweede beste benadering beskou (Ley, 2004a:5). Daar is egter onderwysers wat die teendeel bewys het, wat daarin geslaag het om onderrig in groepsverband positief te gebruik as ‘n middel tot ‘n doel en ‘n teenvoeter vir sekere leemtes wat in individuele onderrig ontstaan.

Haley (2007) beskryf ‘n opname wat onder 25 kitaaronderwysers in Alberta, Manitoba en Ontario (VSA) gemaak is. Onderwysers is gevra om aan te dui hoeveel leerders in die grootste klas is en wat die gemiddelde grootte van ‘n klas is. Getalle het gewissel van 18 tot 48. Die meeste laerskole (wat in ander lande bekend staan as “middle schools”, Gr. 7-9 in Suid-Afrikaanse skole) se getalle was in die omvang van 18 tot 26, en hoërskole se getalle het gewissel tussen 10 en 28. Die meeste onderwysers het ‘n klas van 15 tot 20 leerders as ideaal beskryf.

Volgens Ley (2004a:5) is groepsonderrig in blaasorkeste asook in klavieronderrig lank reeds in die VSA gevestig. In die Verenigde Koninkryk is groepsonderrig reeds vir 'n aansienlike tyd 'n integrale deel van musiekonderrig.

Buiten die finansiële doelmatigheid, asook die vermoë om meer leerders te akkommodeer, is daar 'n opvoedkundige rede vir die aangehoue groei en ontwikkeling van instrumentale groepsonderrig. Die toenemende voordele van groepsonderrig word nou erken en gedemonstreer deur die verbeeldingryke benadering van toegewyde onderwysers. Daar is potensiaal in die interaksie wat plaasvind tussen leerders asook tussen die leerder en onderwyser. Groepsonderrig verleen stimulerende uitdagings en opwindende belonings. Dit is nie 'n tweede beste benadering nie, en ook nie 'n kompromie om groeiende leerdertalle te akkommodeer nie (Ley, 2004a:6).

3.3.1.1 Die konstruktivistiese perspektief en samewerking

Volgens die konstruktivistiese leerteorie is leer 'n sosiale handeling waar studente nuwe kennis of begrip in die konteks van voorafkennis en ervaring interpreteer. Vanuit hierdie perspektief gesien, is die klaskamer (of onderrig-leersituasie) 'n gemeenskap van individue wat saamwerk aan gedeelde doelwitte. Elke deelnemende individu lewer 'n bydrae op sy/haar eie vaardigheidsvlak. Leerders help mekaar om doelwitte te bereik wat deur al die lede belangrik geag word (Scott 2006).

Ley (2004a:7) haal onderwysers aan wat van mening is dat individuele onderrig uiters ongewoon vir leerders in 'n moderne samelewing is. Leerders is gewoond daaraan om as 'n klas te werk of as kleiner groepies in die klas. Die individuele ervaring kan te intens wees en te veel druk op die leerder plaas. Leerders is geneig om voordeel te trek uit die positiewe atmosfeer wat in 'n groepsituasie ontstaan: hulle voel veilig in hul eie portuurgroep.

Ley (2004a:7) beklemtoon die feit dat leerders in groepsverband by mekaar kan leer, dikwels net soveel of selfs meer as wat hulle by die onderwyser kan leer. Volgens Hallam (1998:253) kan groepsonderrig:

- meer stimulerend vir onderwysers en leerders wees;
- meer geleentheid bied vir die demonstrasie van alternatiewe metodes en strategieë;
- meer geleentheid bied vir kritiese evaluering;
- onafhanklike leer koester; en
- meer genotvol wees.

‘n Leerder het die volgende opmerking gemaak (Ley, 2004a:9): “I enjoy group lessons. I can learn from the mistakes of others. Also, I find it helpful to have my playing criticized constructively by my friends. It’s fun playing quartets in lessons.” Volgens Ley (2004a:9) het leerders verder aangedui dat groepsonderrig voordelig is waar raad ook gegee en ontvang word deur die groeplede en nie net die onderwyser nie.

Ley (2004a:11) haal nog ‘n onderwyser aan wat musiek as ‘n sosiale vaardigheid beskou. Dit gaan daaroor om genot en uitvoering met ander te deel wat kommunikasie insluit, asook om sensitief teenoor mekaar te reageer en mekaar te help. Om saam te sing en te dans is gewilde tydverdrywe. Die speel van ‘n musiekinstrument is deel hiervan. Hierdie onderwyser dui aan dat hy/sy medelye het met leerders “who learns on their own, who plays to the bedroom wall and sticks their examination certificates on it”. Die vaardigheid om met ander te kan saamwerk, is ‘n vaardigheid wat in alle aspekte van die lewe nodig is en musiek is ‘n wonderlike medium daarvoor.

Aktiwiteite wat integraal is tot groepswerk kan selfs buite die groepsklas uitgebrei word. In ‘n situasie waar ‘n groter groep met leerders met verskillende vaardigheidsvlakke bymekaarkom en van mekaar leer. Hierdie soort portuurondersteuning is voordelig aangesien meer ervare leerders as leiers kan optree en ander in die groep ondersteun, terwyl minder ervare leerders se uitvoering beter is wanneer hulle saam met ervare leerders speel (Ley,

2004b:53). Om in heterogene of homogene ensembles van gelyke of gemengde vaardigheidsvlakke op te tree, is ‘n natuurlike uitbreiding van die weeklikse les. Dit ontwikkel sosiale, kommunikasie- en uitvoeringsvaardighede. “Above all, it brings a fresh and often exciting dimension to pupils’ overall musical experience” (Ley, 2004b:57).

‘n Groepsklas is die ideale opset waar leerders die volgende vrae kan bespreek:

- wat moet ek oefen?
- hoekom moet ek dit oefen?
- hoe moet ek dit oefen?

As ‘n resultaat van hierdie besprekings, sal leerders ‘n gevoel van eienaarskap van hul eie leerproses ontwikkel en meer krities bewus raak en gevolglik intrinsiek gemotiveerd (Jenner-Timms, 2004:103).

3.3.1.2 Toonkustenaarskap

Glover en Scaife (2004:79) noem ses vaardighede waarvoor elke musikant moet beskik (selfs al is dit slegs op ‘n basiese vlak):

- om musiek spontaan te maak;
- om musikaal op ander se insette te kan reageer;
- om aan ‘n musikale dialoog te kan deelneem;
- om die moontlikhede inherent tot ‘n melodie of ritmiese patroon van ‘n harmoniese, strukturele of buite musikale beginpunt te kan verken;
- om musiek te verwerk; en
- om te komponeer.

Glover en Scaife (2004:79) voer verder aan dat groepsonderrig die ideale geleentheid bied vir die ontwikkeling van hierdie vaardighede aangesien leerders se kreatiwiteit gevoed en ontwikkel kan word wanneer daar met ander saamgewerk word.

3.3.1.3 Ensemble-spel en bladles

Groepsklasse skep ook die geleentheid vir ensemble-spel en improvisasie. Kwartette en sekstette is 'n groot hulpmiddel in die bevordering van bladles en goeie ensemblespel. Die verantwoordelikheid van die individu “is brought closer to home” en die leerder besef die belangrikheid daarvan dat hy/sy vinnig moet kan lees en reg speel. Hy/sy besef hoe sy/haar deel inpas by die res (Miller, 1959).

Sariti (2007) ag ensemble-vaardighede as van die belangrikste, maar dikwels afgeskepte aspekte van toonkunstenaarskap. Ensemble-vaardighede verwys hier na die vermoë om by 'n ensemble in te pas en dit te verryk deur aktief daaraan deel te neem, as 'n “spanspeler”. “Some believe that the instruction students receive in many music schools is geared too heavily to the former” (naamlik dié van solis). Sariti (2007) dui verder aan dat die meeste leerders 'n loopbaan in 'n orkes sal maak en nie as soliste nie. “How practical is it, then, that the very skills these students will need in an orchestra (their most likely career) are neglected in favor of more glamorous studies?” (Sariti, 2007).

Eckels (2009:107) is van mening dat elke klas as 'n ensemble gesien kan word. Hy gaan verder deur te sê dat selfs die eenvoudigste melodieë in 'n metodeboek as ensemble-geleenthede gesien moet word. Volgens Eckels (Eckels, 2009:107) motiveer ensemble-spel leerders omdat dit die geleentheid skep om musiek te maak wat bevredigend engentovol is. Ensembles kan deur die hele klas gespeel word, of in kleiner groepe.

3.3.1.4 Voordrag-angs

Volgens Hallam (1998:253) kan groepsonderrig skaam leerders help om minder geïnhibeerd te voel deur saam met ander musiek te maak. 'n Onderwyser wat deur Ley (2004b:46) aangehaal is, is van mening dat uitvoering 'n natuurlike deel van spel gemaak kan word. Dit is veel minder intimiderend om in 'n groep op te tree as om 'n solo te lewer. Baie leerders vind juis genot daarin om in 'n groep musiek te maak en het nie 'n begeerte om 'n solis te word nie.

Leerders het dikwels meer vryheid in 'n groep om uitdrukkingsvol en dramaties te speel as wat hulle op hul eie sou hê en dit vergroot bewustheid van ensemble interaksie (Glover & Scaife, 2004:80). Om vir die eerste keer met musieklesse te begin, kan ans en spanning meebring (Mackworth-Young, 2004:96). Mackworth-Young (2004:96) noem 'n paar praktiese aktiwiteite wat ans in 'n groepsituasie kan verlig, naamlik: speletjies, ritme-speletjies, toonhoogte-speletjies, sing-speletjies, teorie-speletjies (met 'n bord en dobbelsteen), handklap, trap, beweging, improvisasie en op gehoor speel. Hallam (1998:253) noem ook dat groepsklasse geleenthede bied vir informele uitvoering wat kan help om verhoog-ans te oorkom.

Geleenthede waar leerders in die openbaar optree kan musikale standarde verhoog en die genot wat leerders uit hul musiek put, verryk (Ley, 2004b:52). Om in die openbaar op te tree voor enige gehoor is 'n belangrike mylpaal vir enige musikant, veral vir jong leerders. Daar is baie geleenthede by die skool en elders waar leerders kan optree (Ley, 2004b:53):

3.3.1.5 Motivering en erkenning

Dit blyk dat groepsklasse op 'n unieke manier motiverend kan wees vir leerders. Ley (2004c:59) voer aan dat motivering 'n onmisbare deel uitmaak van leer, aangesien dit bepaal hoeveel hulle dit sal geniet op te speel of sing en hoe effektief hulle leer. Motivering kan intrinsiek wees, maar motivering kan ook van buite kom (ekstrinsiek) en beïnvloed word deur die optrede van die onderwyser of ander groeplede (Jenner-Timms, 2004:108, Ley, 2004c:59). Om effektief te oefen is 'n kombinasie van ekstrinsieke en intrinsieke motivering voordelig, veral by jonger leerders (Jenner-Timms, 2004:108). Onderwysers noem dat motivering veel makliker plaasvind in groepsklasse en dat groepsonderrig 'n ongemotiveerde leerder se gedrag kan verander (Ley, 2004c:60).

Die groepsdinamika motiveer ook leerders in hul vordering (Ley 2004a:7). Wanneer 'n uitdaging suksesvol bereik is, moet daar erkenning gegee word daarvoor. Dit is belangrik dat leerders se suksesse geprys en aangemoedig word en die genot van musiekmaak moet ook self die beloning wees (Ley, 2004c:60).

3.3.2 Improvisasie en komposisie

Improvisasie kan reeds tydens die eerste les plaasvind (Glover & Scaife, 2004:82). Volgens Eckels (2009:157) kan improvisasie:

- die verbinding tussen leerder en instrument verbeter, “allowing the pupil to ‘speak’ more directly through the instrument and find a musical ‘voice’”;
- luistervaardighede ontwikkel asook die vaardigheid om te reageer en deel te neem aan die samewerkende proses van die skepping en interpretasie van musiek;
- musikale kontekste waarin tegniese probleme aangespreek kan word, soos ‘n nuwe artikulasie-styl of vingerpatroon ontwikkel;
- interaksie tussen die onderwyser en die leerder word bevorder aangesien improvisasie in groepverband onderwysers aanmoedig om leerders van aangesig tot aangesig te benader in plaas daarvan om langs of agter die leerder te sit;
- leerders aanmoedig om van oogkontak gebruik te maak tydens spel (Glover & Scaife, 2004:83);
- musikale groepsinterakasie, kommunikasie en ‘n gevoel van ensemble ontwikkel (Glover & Scaife, 2004:83);
- deur ‘n klankbaan (vergelyk 3.3.3) begelei word en so ‘n ander ervaring vir leerders bied waarin hulle bewus raak van ‘n basiese raamwerk en maniere vind om daarmee saam te werk of daarteen (Glover & Scaife, 2004:89); en
- as die lewensasem van enige groepsessie beskou word, maar dit moet op ‘n gestruktureerde en georganiseerde raamwerk bestuur word (Glover & Scaife, 2004:89).

Leerders het enorme potensiaal om individuele komposisies te skep. Volgens Glover en Scaife (2004:90) kan komposisie floreer in groepsonderrig waar daar ‘n gemeenskap van musikante is wat die volgende bied:

- geleentheid om na ander se nuwe musiek te luister;
- ‘n ryk omgewing vir die uitruil van idees en die koestering van kreatiwiteit;

- uitvoerders wat die nuwe komposisies uitvoer, so kan groepsmusiek en solo-werke gekomponeer word, getoets word en in die repertorium gehou word; en
- ‘n begrip van:
 - hoe instrumente saam klink,
 - verskillende uitvoerders se vaardighede,
 - hoe musikale rolle gedeel kan word (in die sin van voorgrond en begeleiding, melodie en bas), en
 - hoe ‘n musikale drama ontvou.

3.3.3 Die gebruik van musiektegnologie

Ley (2004d:72) voer die rede dat musiektegnologie dit vir leerders moontlik maak om praktiese en musikale begrip te ontwikkel deur drie areas van musikale leer. Hierdie drie areas van leer kan in verband gebring word met instrumentale onderrig en leer. Die drie areas is:

- die gebruik en ondersoek van klanke en strukture;
- die verfyning en verryking van uitvoering (2004d:74); en
- die uitbreiding van kennis van musiekgeskiedenis, musiekteorie en musikale style (2004d:76).

In ‘n gedokumenteerde saakgeval beskryf Criswell (2009) hoe ‘n tegnologie- en kitaaronderwyser ‘n program ontwerp het met die doel om alle leerders se aandag te trek op ‘n manier wat hulle ontvanklik maak vir musiek as kunsvorm, maar wat hulle ook toerus met kennis wat hulle kan help om ‘n produktiewe, lonende werk in die toekoms te kry. In hierdie program word tegnologie met hedendaagse musiek gekombineer. Volgens die onderwyser implementeer hy ‘n nuwe model van musiekonderrig:

It’s not that the old model is broken, but that this new model is the way music is done today in the popular culture. The classes we teach here are based on providing the kids with real-world skills that will make them marketable in the field of music as we know it today.

Die aantrekkingskrag van populêre musiek is volgens Criswell (2009) die hoofrede vir die gewildheid van die program wat alle genres akkommodeer, R&B, *country*, *hip-hop*, jazz en baie ander. Die onderwyser is van mening dat “[w]e shouldn’t look at music education solely from the Western European tradition that we all grew up with. We need to look at music from a well-rounded, modern perspective” (Criswell, 2009).

In hierdie program, naamlik *Music & Media*, ontvang leerders basiese klavierbord- en kitaaronderrig in kombinasie met opleiding in die gebruik van tegnologiese hulpmiddels soos *Macintosh* werkstasies, *iMovie*, *GarageBand*, *Logic* en *Final Cut Pro*. Die leerders het ‘n tegnologielaboratorium en ‘n volledige televisie- en opname studio. Leerders moet in groepverband hul eie musikale projek opneem. Die projekte waaraan leerders werk, bereik ‘n hoogtepunt wanneer dit jaarliks saamgevoeg word in ‘n vertoning genaamd *Really big show*. Die doel van die vertoning is om opvoedkundige inhoud te skep wat ook vermaak verskaf (Criswell, 2009).

‘n Tegnologiese hulpbron wat dikwels gebruik word, is ‘n klankbaan. Leerders kan daarna luister en daarmee oefen. Dit kan selfs gebruik word tydens optredes. Die gebruik van klankbane motiveer en stimuleer leerders dikwels om hul beste uitvoerings te lewer. Dit kan ook gebruik word as ‘n begeleiding vir bladleesoefeninge, improvisasie en om ‘n harmoniese agtergrond vir byvoorbeeld ‘n 12 maat-*blues* (Ley, 2004d:74). Die gebruik van ‘n klankbaan kan ‘n oefensessie meer interessant maak. Daar is vandag baie voorbeelde van musiek in verskillende style beskikbaar. Leerders kan ook aangemoedig word om hul eie spel tydens oefensessies op te neem, daarna te luister en dit te evalueer (Jenner-Timms, 2004:108). Musiektegnologie maak dit moontlik vir onderwysers en leerders om hul kreatiwiteit te ontwikkel op maniere wat verder hul musikale leer en die ontwikkeling van instrumentale vaardighede, kan ondersteun (Ley, 2004d:72).

3.4 Die gebruik van die internet

Berklee College of Music het onlangs die bekendstelling van *Berklee Shares* aangekondig – ‘n nuwe program wat gratis aanlyn musieklesse aanbied. Lesse word beskikbaar gestel in ‘n


katalogus van MP3-lêers, *Quick Time*-video's en PDF-lêers. Die *Berklee Shares*-program is ontwerp om 'n ope uitruiling van idees vir musikante te skep, asook om die internet te bevorder as 'n middel om toegang tot kwaliteit onderrig te verkry (Anoniem, 2004:12). Volgens Johnston (2003) is die internet vinnig besig om die primêre alternatief vir tradisionele privaatlesse en selfhelpboeke te word.

3.5 Samevatting

Daar is verskeie areas waar musiekonderwysers aanpassings kan maak om onderrig meer relevant en hedendaags te maak. Die twee areas waaraan hoofsaaklik aandag geskenk kan word, is onderrigmateriaal en –metodes. Dit blyk dat indien onderrigmateriaal uitgebrei kan word om meer hedendaagse style (en dalk selfs ook tradisionele musiek) in te sluit, die gewildheid van musiekonderrig verhoog kan word.

Indien onderrigmetodes aangepas word om groepsonderrig, ensemble-spel, improvisasie, komposisie en meer gereelde optredes vir leerders in te sluit, kan die leerder se ervaring van musiekonderrig verbeter word. Groter sorg kan ook geneem word in die benadering van musiek as 'n sosiale handeling. Die gebruik van tegnologiese hulpmiddels, soos klankbane en die internet, kan ook 'n positiewe effek hê. Vervolgens word navorsingsresultate bespreek wat meer inligting na vore bring in terme van die behoeftes van leerders en hul ouers as verbruikers en kliënte.

Hoofstuk 4: Navorsingsresultate



Figuur 15: Opsomming van inhoud

4.1 Agtergrond

In hierdie studie is gebruik gemaak van vraelyste (Addendum B, C, D en E) en onderhoude. Navraag is ook telefonies gedoen om inligting in te samel. Vraelyste is ingevul deur musikonderwysers en die ouers van musieksentrumleerders van die drie musieksentrums wat in Potchefstroom, Noordwes Provinsie geleë is asook leerders uit verskillende skole in Potchefstroom. Die totale aantal respondente was 143. Die vraelyste wat deur onderwysers ingevul is, word eerste bespreek (4.2), daarna die vraelyste wat deur ouers van musieksentrumleerders ingevul is (4.3) en laastens die vraelyste wat deur leerders ingevul is (4.4).


4.2 Vraelyste deur onderwysers ingevul

4.2.1 Agtergrond

Die totale aantal respondente in hierdie afdeling was 16. Die doel van hierdie data-insameling was om te bepaal wat die huidige omstandighede is waarin musikonderwysers hulself by musieksentrums bevind. Om die anonimiteit van persone en instansies te beskerm, sal daar verwys word na musieksentrum A, B en C.

4.2.2 Ouderdomsgroepe

Die grootste ouderdomsgroepe was 26 tot 30 jaar en bo 55 jaar met 4 respondente in beide kategorieë. Die tweede grootste ouderdomsgroep was 41 tot 45 jaar met drie respondente in hierdie kategorie. In die ouderdomsgroep 18 tot 25 jaar en 51 tot 55 jaar was daar elk twee respondente en die kleinste groep was 46 tot 50 jaar met een respondent. Die data word in figuur 16 weerspieël.



Figuur 16: Ouderdomskategorieë van respondente

4.2.3 Geslagsprofiel

Daar was drie (19%) manlike en dertien (81%) vroulike respondente. Hierdie gegewens is binne die verwagte perke.

4.2.4 Take waarvoor onderwysers verantwoordelik is

Respondente is gevra om die take waarvoor hulle verantwoordelik is, aan te dui. In die vraelys is aangedui dat administratiewe verantwoordelikhede in hierdie konteks nie verwys na die onderwyser se administrasie rondom sy/haar eie leerders nie, maar wel na ander administratiewe pligte soos take rondom die reël van konserte, die opstel van eksamenroosters, die ontwerp van inskrywingsvorme, die maak van fotostate en die neem en tik van notules. Die resultate is in tabel 2 saamgevat.


Tabel 2: Take waarvoor musiekonderwysers verantwoordelik is

Take	Aantal	%
Instrumentale of sangonderrig	16	100
Onderrig van gehoor/geskiedenis/ander	10	62.5
Onderrig van teorie	7	43.75
Publieke verhoudinge	3	18.75
Administratiewe verantwoordelikhede	2	12.5
Skoonmaak	2	12.5
Instandhouding	1	6.25
Tuinbou	1	6.25

Geen respondente het aangedui dat hulle as sekretaresse of tesourier aangestel is nie. 'n Merkwaardige waarneming is dat 12.5% van die respondente verantwoordelik is vir skoonmaak en een respondent (6.25%) vir tuinbou.

4.2.5 Hoeveelheid leerders per onderwyser

Instrumentale onderrig word meestal individueel gedoen. Daar is egter groepsklasse vir musiekteorie en -belewing. Respondente moes hier aandui hoeveel individuele leerders hulle het. Die meerderheid respondente het 16 tot 20 individuele leerders. Slegs 6% het aangedui dat hulle 1 tot 5 leerders het, 19% het aangedui dat hulle 6 tot 10 leerders het en 25% het 11 tot 15 leerders. Die verdere 18% respondente kan gelykop verdeel word tussen die laaste drie kategorieë, naamlik 26 tot 30, 31 tot 35 en meer as 40 individuele leerders (figuur 17).



Figuur 17: Hoeveelheid individuele leersers per onderwyser

Hierdie gegewens is in skerp kontras met die aantal leersers wat deur die voormalige TOD (Transvaal Onderwysdepartement) aan musiekonderwysers toegedeel is. Die TOD (Van Rensburg, 1979:2-2, 2-3) het een voltydse pos toegeken wanneer 'n musieksentrum 30 tot 39 leersers gehad het. Vir 40 tot 49 leersers is een voltydse pos en een deeltydse pos toegeken. Vir 50 tot 59 leersers is een voltydse en twee deeltydse poste toegeken en eers wanneer daar 60 tot 69 leersers was, is twee voltydse poste toegestaan (tabel 3).

Tabel 3: Skaal waarvolgens poste deur die voormalige TOD aan musieksentrums toegeken is (Van Rensburg, 1979:2-2, 2-3)

Aantal leerders	Aantal poste
30-39 leerders	1 voltydse pos
40-49 leerders	1 voltydse pos en 1 deeltydse pos
50-59 leerders	1 voltydse pos en 2 deeltydse poste
60-69 leerders	2 voltydse poste
70-79 leerders	2 voltydse en 1 deeltydse pos ens.

4.2.6 Weeklikse kontakure

Die volgende area van ondersoek was die hoeveelheid kontakure wat onderwysers per week het; dit is die hoeveelheid ure per week waarin hulle besig is met onderrig. Tyd wat aan voorbereiding en administratiewe take spandeer word, word dus hierby uitgesluit. 'n Gelyke getal respondente (25%) het aangedui dat hulle onderskeidelik ses tot tien ure en elf tot vyftien ure per week besig is met onderrig. Geen respondente het meer as 30 kontakure per week aangedui nie (tabel 4).

Tabel 4: Weeklikse kontakure van musiekonderwysers


Ure	Aantal onderwysers	%
6-10	4	25
11-15	4	25
1-5	3	18.75
16-20	2	12.5
21-25	2	12.5
26-30	1	6.25

4.2.7 Kwalifikasies van onderwysers

Vervolgens moes respondente hul hoogste kwalifikasies aandui. Die volgende opsies kon gemerk word in die vraelys:

- B. Mus;
- B.A. Mus;
- M. Mus;
- M.A. Mus;
- Ph. D (in musiek);
- NOGS/HOD/UOD;
- ander; en
- geen van die bogenoemde nie.


Die hoogste kwalifikasies onder respondente was 'n M.Mus. Die totale aantal respondente wat musiekkwalifikasies aangedui het, was 50%. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 50% van die respondente geen tersiêre musiekopleiding het nie (figuur 18).



Figuur 18: Die kwalifikasies van musieksentrumonderwysers

4.2.8 Aanstellingsooreenkoms


Die doel van die volgende vraag was om die aanstellingsooreenkoms van respondente te ondersoek. Dit blyk dat daar enkele departementele poste beskikbaar is by sommige musieksentrums. Twee respondente het aangedui dat hulle deelyds in diens van die onderwysdepartement is terwyl twee voltyds in diens van die onderwysdepartement is. Dit volg daaruit dat daar twee deelydse departementele poste en twee voltydse departementele poste bestaan tussen drie musieksentrums in Potchefstroom. Die meerderheid van musieksentrumonderwysers is egter in diens van die musieksentrum en is effektief deelyds aangestel (figuur 19).



Figuur 19: Tipe aanstellings van musiekonderwysers

4.2.9 Vergoeding van deelydse personeel

Die vergoedingsooreenkoms van respondente kan in figuur 20 gesien word. By musieksentrum A word deelydse personeel per uur vergoed. Personeel word betaal vir elke uur wat op die personeellid se rooster gereserveer is vir onderrig.



Figuur 20: Vergoeding van deeltydse personeel

Personeel se tariewe by Musieksentrum A word bepaal volgens kwalifikasies en ervaring. Die salarisskaal bestaan uit vier kategorieë. Die tariewe was in 2010 (toe die data ingesamel is) soos volg: die tarief in kategorie een is R75 per uur. Onderwysers in hierdie kategorie het geen musiekkwalifikasies nie. Onderwysers in kategorie twee ontvang R80 per uur. Onderwysers in hierdie kategorie het 'n musiekkwalifikasie⁵. Onderwysers in kategorie drie se salarisse word teen 'n tarief van R87 per uur bepaal. Onderwysers in hierdie kategorie beskik oor 'n musiekkwalifikasie en minstens tien jaar ondervinding. Die vierde kategorie word slegs gebruik vir spesialisvaardighede. Die enigste diens waarvoor die tarief tans in gebruik is, is vir die aanbied van Gr. 6 Unisa teorieklasse. Die tarief in hierdie kategorie is R160 per uur.

Onderwysers se salarisse word bereken volgens die kontakure op hul roosters. Die formule vir salarisse is: aantal kontakure vermenigvuldig met die uurlikse tarief vermenigvuldig met die hoeveelheid weke wat oor is in die jaar. Onderwysers se salarisse wissel dus van maand


⁵ Volgens die sentrumhoof van hierdie sentrum word musiekkwalifikasies vanaf Gr. 8 Unisa/ABRSM/Trinity College in ag geneem. Onderwysers in hierdie kategorie kan dus enige van die volgende kwalifikasies hê: Gr. 8, B.Mus, B.A.Mus, M.Mus, M.A.Mus, Ph.D, D.Mus

tot maand. Onderwysers word nie betaal vir tyd wat bestee word aan eksaminering, konserte, vergaderings en administrasie nie. Dit gebeur dikwels by hierdie musieksentrum dat personeel afwesig is tydens musieksentrumkonserte. Die sentrumhoof voer aan dat onderwysers nie verplig kan word om sulke geleenthede by te woon nie, aangesien hulle nie daarvoor betaling ontvang nie. Die verwagting is egter dat personeel al hierdie geleentheid moet bywoon.

Onderwysers wat tydelik aangestel is by musieksentrum B is R60 per uur betaal (in 2010). Dit is egter nie bekend volgens watter formule hul salarisse bereken word nie. Soortgelyke inligting kon nie van musieksentrum C bekom word nie.

4.2.10 Maandelikse inkomste van onderwysers

By navraag met betrekking tot respondente se maandelikse netto inkomste het die volgende aan die lig gekom. (Slegs die inkomste wat respondente by die musieksentrum ontvang, is in ag geneem.) Die meerderheid respondente (68.75%) het 'n inkomste van R1 600-R5 699 aangedui. 'n Verdere 12.5% het 'n inkomste van onder R1 600 aangedui. 'n Totaal van 81.25% van respondente verdien dus 'n maksimum maandelikse salaris van R5 699. Geen respondente het 'n salaris van meer as R15 100 aangedui nie. Alle respondente is hier in ag geneem, dus respondente wat tydelik aangestel is asook die enkele respondente wat voltydse departementele poste het (figuur 21).



Figuur 21: Maandelikse inkomste van onderwysers

4.2.11 Broodwinner

In hierdie afdeling is respondente gevra om aan te dui of hulle die broodwinner is. Vier respondente (25%) het aangedui dat hulle die broodwinner is. In ag genome dat 81% van die respondente vroulik is, is hierdie gegewens nie verrassend nie.

4.2.12 Ander bronne van inkomste

Vervolgens moes respondente aandui of hulle ander bronne van inkomste het. Die meerderheid respondente (69%) het aangedui dat hulle wel ander bronne van inkomste het. Dieselfde aantal respondente val in die R1 600 tot R5 699 inkomstegroepkategorie. Die verdere 31% respondente het geen ander bronne van inkomste aangedui nie.

4.2.13 Onderzoek na ander werkseleenthede

Respondente is gevra om aan te dui of hulle ander werkseleenthede ondersoek. Die meerderheid respondente (81%) het aangedui dat hulle nie op soek is na ander werk nie. Die 19% van respondente wat wel ander werkseleenthede oorweeg, was eenvormig in hul

motivering. Al die respondente het dieselfde rede aangedui, naamlik dat hul huidige salaris onbevredigend is.

4.2.14 Permanensie van werk by musieksentrum

Op die vraag of respondente se aanstelling by 'n musieksentrum permanent of tydelik van aard is, het die meerderheid respondente (62.5%) aangedui dat hulle nie hul werk by die musieksentrum as tydelik sien nie. 'n Groot aantal respondente (31.25%) het egter aangedui dat hul werk by die musieksentrum tydelik is en dat hulle daar sal werk totdat hulle klaar studeer het of ander werk kry. Een respondent het nie op die vraag gereageer nie (tabel 5).

Tabel 5: Respondente wat hul werk by 'n musieksentrum as tydelik beskou

Kategorie	Aantal	%
Ja	5	31.25
Nee	10	62.5
Geen reaksie	1	6.25

4.2.15 Hulpmiddels wat onderwysers tot hul beskikking het

In hierdie afdeling is respondente gevra om hulpmiddels te identifiseer wat hulle tot hul beskikking het by die musieksentrum waar hulle werksaam is. Dit blyk uit die data dat musieksentrums oor die algemeen nie goed toegerus is nie. Slegs 25% van respondente het aangedui dat hulle 'n telefoon tot hul beskikking het en slegs 43.75% van respondente het die beskikbaarheid van 'n cd-speler aangedui. Daar is wel 'n diskrepansie in die data: 56.25% van respondente het aangedui dat hulle 'n rekenaar tot hul beskikking het, maar 62.5% het aangedui dat hulle 'n drukker tot hul beskikking het. Die rede vir hierdie diskrepansie is onduidelik (tabel 6).

Tabel 6: Hulpmiddels wat musiekonderwysers tot hul beskikking het

Hulpmiddels	Aantal	%
Fotostaatmasjien	15	93.75
Drukker	10	62.5
Rekenaar	9	56.25
Cd-speler	7	43.75
Telefoon	4	25
Faksmasjien	3	18.75
Lamineerder	2	12.5
Skandeerder	1	6.25
Digitale klankopname-apparaat	0	0

4.2.16 Respondente se mening omtrent werksomstandighede

In die volgende vraag moes respondente aandui tot watter mate hulle met elk van die volgende stellings saamstem. 'n Skaal van een tot vier is gebruik: een dui aan dat die respondent glad nie saamstem nie, twee dui aan dat die respondent tot 'n geringe mate saamstem, drie dui aan dat die respondent tot 'n groot mate saamstem en vier dui aan dat die respondent ten volle saamstem (tabel 7).

Tabel 7: Respondente se mening oor werksomstandighede

	Stem glad nie saam nie	Stem tot 'n geringe mate saam	Stem saam tot 'n groot mate	Stem volkome saam	
	1	2	3	4	
Ek word vergoed vir al die ure wat ek werk	3	1	6	6	Aantal respondente
	18.75	6.25	37.5	37.5	Persentasie respondente
My posbeskrywing is duidelik afgebaken en my werk val daarbinne	0	2	7	7	Aantal respondente
	0	12.5	43.75	43.75	Persentasie respondente
Die skool gee die nodige ondersteuning aan die musieksentrum	0	8	4	4	Aantal respondente
	0	50	25	25	Persentasie respondente
Musieksentrums het geen groot bedreigings nie en ek is verseker van werk in die toekoms	3	7	5	1	Aantal respondente
	18.75	43.75	31.25	6.25	Persentasie respondente

4.2.17 Professionele organisasies waaraan onderwysers behoort

In die volgende afdeling was daar tien respondente. Die doel van hierdie afdeling in die data-insameling was om te bepaal of onderwysers by musieksentrums bewus is van hedendaagse onderrigmetodes, -materiale en tendense in musiekopvoedkunde. Soos reeds vasgestel (1.4.2) is 43.75% van respondente 46 jaar en ouer. Hierdie onderwysers staan dus vir meer as 20 jaar

in die praktyk. Wat hiermee gepoog is, is om vas te stel of hierdie onderwysers nog in voeling is met nuwe tendense en aktuele onderrigbeskouinge.

Een respondent (10%) is ‘n lid van SASRIM (South African society for research in music education). Geen respondente behoort aan SAVMO (Suid-Afrikaanse vereniging vir musiekonderwysers), Orff Schulwerk society of South Africa, ISME (International society for music education), of die Suid-Afrikaanse marsorkesvereniging nie. Een respondent (10%) behoort aan SAMRO (Suid-Afrikaanse musiekregteorganisasie) en een respondent (10%) behoort aan SAKOV (Suid-Afrikaanse kerkorrelistevereniging). Een respondent (10%) het lidmaatskap van die SAOU (Suid-Afrikaanse onderwysersunie) aangedui. Die SAOU is egter nie ‘n professionele organisasie nie, maar ‘n unie. Dit word dus nie hier in aanmerking geneem nie. Een respondent (10%) het lidmaatskap van Fluit Suid-Afrika asook die Fluitfederasie van Suid-Afrika aangedui. Sewe respondente (70%) behoort nie aan enige van die genoemde of ander soortgelyke organisasies nie (tabel 8).

Tabel 8: Professionele organisasies waaraan musiekonderwysers behoort

Professionele organisasies	Aantal	%
SASRIM	1	10
SAMRO	1	10
SAKOV	1	10
Fluit Suid-Afrika	1	10
Fluit federasie van Suid-Afrika	1	10
SAVMO	0	0
Orff Schulwerk society of South Africa	0	0
ISME	0	0
Suid-Afrikaanse marsorkesvereniging	0	0
Geen	7	70

4.2.18 Vaktydskrifte wat onderwysers lees

Data toon dat 50% van respondente geen vaktydskrifte lees nie. Daar is wel enkele respondente wat aangedui het dat hulle verskeie vaktydskrifte lees. Die tydskrif wat die meeste gelees word, is *Clavier companion* wat deur 30% van respondente gelees word (tabel 9).

Tabel 9: Vaktydskrifte wat deur musiekonderwysers gelees word

Tydskrif	%
Clavier companion	30
Talking drum	20
Suid-Afrikaanse musiekonderwyser	20
Music teacher	20
Flute talk	10
The strad	10
Music educator's journal	10
Journal of singing pedagogy	10
The clarinet	10
Vir die musiekleier	10
SA Mus	10
Classic feel	10
Musicus	10
Neue Zeitschrift für Musik	10
Het Orgel	0
Geen	50

4.2.19 Konferensies wat onderwysers bywoon

In reaksie op hierdie vraag het 30% van respondente aangedui dat hulle nooit konferensies bywoon nie, 30% woon een keer in vyf jaar konferensies by en 20% woon een keer in twee jaar 'n konferensie by. Slegs 10% woon jaarliks konferensies by en 10% woon twee of meer konferensies per jaar by (tabel 10).

Tabel 10: Hoe dikwels musiekonderwysers konferensies bywoon

Gereeldheid	%
Nooit	30
Een keer in vyf jaar	30
Een keer in twee jaar	20
Jaarliks	10
Twee of meer per jaar	10

4.2.20 Webblaaie en forums wat onderwysers besoek

Sestig persent van die respondente het aangedui dat hulle nie webblaaie of internetforums met betrekking tot musiekonderrig besoek nie. Een besoek IIMP database en *Google scholar* (om artikels te kry), een het geantwoord “vakspesifiek tot klarinet, ja”, een het geantwoord webblaaie, maar nie gereeld nie, een besoek *Clavier* se webblad en die *Guitar Foundation of America* se webblad.

4.2.21 Kursusse

'n Meerderheid van 60% respondente het nog nooit 'n kursus in jazz, rock, populêre of tradisionele musiek bygewoon nie. Dertig persent van respondente het aangedui dat hulle voorheen onderskeidelik 'n kursus in populêre musiek en jazz musiek bygewoon het. Slegs 20% van respondente het aangedui dat hulle 'n kursus in *rock*-musiek bygewoon het en 10%

van respondente het aangedui dat hulle 'n kursus in tradisionele musiek bygewoon het (tabel 11).

Tabel 11: Kursusse bygewoon deur musikonderwysers met betrekking tot musiekgenres buite Westerse of kunsmusiek

Soort kursus	%
Jazz	30
Rock	20
Populêre musiek	30
Tradisionele musiek	10
Geen	60

4.2.22 Ander kursusse

Die meerderheid respondente (90%) het geen ander kursusse bygewoon nie. Een respondent (10%) het 'n gehooropleidingkursus wat deur die *Associated Board of the Royal Schools of Music* aangebied is, bygewoon.

4.2.23 Bespreking

Uit die data is die effek van 'n finansiële tekort by musieksentrums duidelik sigbaar. Geld word nie bestee aan personeelontwikkeling nie en musieksentrums is nie goed toegerus nie. Bykans die helfte van onderwysers is al vir meer as 20 jaar in die praktyk en die meeste onderwysers lees geen vaktydskrifte nie en woon nie dikwels konferensies of kursusse by nie. Dit is dus maklik om te verstaan waarom musikonderrig nie deur leerders as relevant en hedendaags beskou word nie. Onderwysers trek egter aan die kortste end met verantwoordelikhede soos skoonmaak en tuinbou en boonop klein salarisse.

4.3 Vraelyste deur ouers ingevul


Vraelyste is ingevul deur die ouers van leerders van drie musieksentrums wat in Potchefstroom, Noordwes Provinsie geleë is. Die totale aantal respondente was 28. Die doel van hierdie data-insameling was om vas te stel wat die behoeftes van die kliënte is. Hoe meer inligting beskikbaar is ten opsigte van die kliënte, hoe beter kan die diensverskaffer die diens wat gelewer word aanpas by die kliënt se behoeftes.

4.3.1 Rassegroepe

Slegs blankes is verteenwoordig onder respondente. Die meerderheid leerders van hierdie musieksentrums is blank, maar daar moet in gedagte gehou word dat hierdie slegs 'n steekproef is. By musieksentrum A is hoofsaaklik blanke leerders ingeskryf, maar ook kleurlinge, swartes en 'n relatiewe groot aantal Koreaanse leerders.

4.3.2 Tariewe


Aangesien musieksentrums nie meer die finansiële ondersteuning van die regering ontvang wat voorheen beskikbaar was nie, is die enigste noemenswaardige inkomstebron tans lesfooie. Een manier vir musieksentrums om uit die finansiële tekortkominge te kom, sal dus wees om lesfooie te verhoog. In so 'n geval sou dit uiters belangrik wees om te weet hoe die ouers van leerders lesfooie ervaar. In hierdie kategorie het 7.14% van die respondente aangedui dat hulle die lesfooie laag vind, 'n groot meerderheid van 82.14% van respondente het aangedui dat hulle lesfooie billik vind en 10.71% van die respondente het aangedui dat hulle die tariewe hoog, maar steeds bekostigbaar vind. Geen respondente het aangedui dat hulle die tariewe uiters hoog vind nie (figuur 22).



Figuur 22: Respondente se ervaring van musieksentrums se tariewe

4.3.3 Verhoging in tariewe


In reaksie op die vraag of respondente sou voortgaan met lesse indien die tariewe met meer as 10% sou verhoog, het die meerderheid van respondente (71.43%) aangedui dat hulle wel sou voortgaan met lesse. 'n Minderheid van 28.57% respondente het aangedui dat hulle in so 'n geval lesse sou staak (figuur 23).



Figuur 23: Respondente se voorspelde houding teenoor verhoogde lesfooie

4.3.4 Huishoudelike maandelikse netto inkomste

Die doel van hierdie afdeling was om te bepaal wat respondente se netto maandelikse huishoudelike inkomste is. Met hierdie inligting is dit moontlik om 'n skatting te maak van wat die gemiddelde kliënt kan bekostig. Die meerderheid respondente (25%) se maandelikse salaris is tussen R11 000 en R15 000. Drie respondente het nie op die vraag gereageer nie (figuur 24).



Figuur 24: Inkomstegroepe onder respondente

4.3.5 Tarief betaalbaar

Om die data te interpreteer is dit noodsaaklik om te weet wat die tariewe van die verskillende musieksentrums is. Die data wat van respondente ontvang is, was onduidelik. 'n Aantal respondente het nie op die vraag reageer nie. Die afleiding kan gemaak word dat hulle moontlik self nie bewus is van die tariewe nie.

Data wat van die sentrumhoofde ontvang is, is gebruik om die tariewe vas te stel. Hierdie deel van die data-insameling het in 2010 plaasgevind. Die tariewe vir individuele praktiese onderrig in 2010 was by musieksentrum A soos volg:

Tabel 13: Tariewe vir individuele lesse by musieksentrum A tydens 2010

Duur van les	Bedrag betaalbaar per jaar
30 minute	R1 590 (R430 x 3 + R300)
45 minute	R2 370 (R640 x 3 + R450)
60 minute	R3 150 (R850 x 3 + R600)
90 minute	R4 680 (R1 260 x 3 + R900)

Tabel 14: Tariewe vir teorieklasse by musieksentrum A tydens 2010

Klas	Bedrag betaalbaar per jaar
Unisa/ABRSM Gr. IV	R660
Unisa/ABRSM Gr. V	R900
Unisa ABRSM Gr. VI Jaar 1	R1 110
Unisa ABRSM Gr. VI Jaar 2	R570

Tabel 15: Tariewe vir groepsklasse by musieksentrum A tydens 2010

Minute	Bedrag betaalbaar per jaar
60	R1 590
30	R810

Huur van instrument R 300 per kwartaal.

Lesfoeie by musieksentrum B is R360 per kwartaal vir 'n halfuur (of uur) praktiese les en 'n halfuur teorieles per week. Geen data in hierdie verband is van musieksentrum C ontvang nie.

4.3.6 Instrumente waarin belanggestel word

Respondente se belangstelling in musiekinstrumente is hier ondersoek. Respondente kon uit 'n keuse van 22 instrumente enige hoeveelheid instrumente aandui waarin hulle moontlik onderrig sou wou ontvang. Tabel 16 dui die resultate aan.

Tabel 16: Instrumente waarin respondente belangstelling getoon het

Kategorie	Aantal	%
Klavier	18	64.29
Klassieke kitaar	20	42.86
Akoestiese kitaar	10	35.71
Viool	8	28.57
Klawerbord (“Keyboard”)	7	25
Elektriese kitaar	6	21.43
Klarinet	5	17.86
Tromme	5	17.86
Harp	4	14.29
Tjello	3	10.71
Blokfluit	3	10.71
Trekklavier	3	10.71
Pyporrel	2	7.14
Dwarsfluit	2	7.14
Baskitaar	2	7.14
Marimba	2	7.14
Ander, noem asseblief.	2	7.14
Hobo	1	3.57
Trompet	1	3.57
Timpani (pouke/keteltrom) en slagwerk (perkussie)	1	3.57
Djembes (Afrikatromme)	1	3.57
Banjo	1	3.57
Konsertina	1	3.57

Geen respondente het belangstelling getoon in saksofoon, fagot, tromboon, tuba, Franse horoing, cor anglaise, kontrabas of altviool nie. Twee redes moet egter in aanmerking geneem word: eerstens dat daar wel 'n groot saksofoononderrigpraktyk by musieksentrum A is. Daar is tans geen onderrig in enige van die koperblasers nie. Daar was twee respondente wat ander instrumente genoem het waarin hulle sou belangstel naamlik, mondfluitjie en sang.

4.3.7 Musiekstyle waarin belanggestel word

In hierdie afdeling kon respondente aandui in watter musiekstyle hulle moontlik sou belangstel. Tabel 17 toon die resultate.

Tabel 17: Musiekstyle waarin belangstelling getoon is

Kategorie	Aantal	%
Popmusiek	18	64.29
Jazzmusiek	8	28.57
Rockmusiek	6	21.43
Flamenco- (Spaanse) musiek	5	17.86
Afrikamusiek	4	14.29
Boeremusiek	3	10.71

Geen respondente het belangstelling in Indiese musiek getoon nie.

4.3.8 Aktiwiteite waarin belanggestel word

Buiten die onderrig van musiekinstrumente en –teorie, kan musiekonderwysers ook baie ander dienste lewer. Enkele voorbeelde van hierdie dienste is gelys in vraelyste en respondente is gevra om aan te dui of hulle sou belangstel om enige van die aktiwiteite by te woon. Tabel 18 dui die resultate aan.

Tabel 18: Aktiwiteite waarin belangstelling getoon is

Kategorie	Aantal	%
Konserte waaraan leerders deelneem	19	67.86
Koorsang	16	57.14
Aanbiedings vir ouers oor hoe om u leerder te help oefen	12	42.86
Ensemblespel (Twee of meer persone wat saam musiek maak)	11	39.29
Liedjieskryfkursus	10	35.71
Konserte wat deur onderwysers aangebied word	9	32.14
Sosiale byeenkomste met musiek-/dansgeleenthede	6	21.43
Filmvertonings bv. biografieë van komponiste	4	14.29
Vakansie-aktiwiteite vir leerders	4	14.29

4.3.9 Vrywillige bydrae

Vervolgens moes respondente aandui of hulle bereid sou wees om as vrywilligers te werk tydens fondsinsamelingsprojekte vir 'n musieksentrum. 43% het bereidwilligheid aangedui (tabel 19).

Tabel 19: Vrywilliger bereidwilligheid

Kategorie	Aantal	%
Ja	12	42.86
Nee	16	57.14

4.3.10 Rede vir musieklesse

Die rede waarom leerders by 'n musieksentrum inskryf, is in hierdie afdeling ondersoek. Respondente moes ses gegewe redes in volgorde van prioriteit plaas om aan te dui wat die

motivering is vir hul leerder(ers) om musieklesse te neem. Die gemiddelde rangorde soos deur respondente aangedui, kan in tabel 20 gesien word.

Tabel 20: Rede vir musieklesse

1.	Om talent te ontwikkel
2.	Vir verryking
3.	Passie vir musiek
4.	As 'n stokperdjie
5.	Vir 'n skoolvak
6.	Wil moontlik na skool musiek studeer

4.3.11 Navrae met betrekking tot musieksentrums

Respondente is gevra om aan te dui hoe hulle te wete gekom het van die musieksentrum waar hul leerders ingeskryf is. Geen respondente het die skool per e-pos gekontak nie. 54% van die respondente het by vriende of kennisse daarvan te hore gekom. Slegs twee respondente het “ander” gemerk, maar sonder om te spesifiseer (tabel 21).

Tabel 21: Hoe ouers van die musieksentrum te wete gekom het

Kategorie	Aantal	%
Het by vriende/kennisse daarvan gehoor	15	53.57
My leerder was/is in die betrokke skool	7	25
Is self werksaam by die skool/musieksentrum	4	14.29
Het die skool telefonies gekontak	3	10.71
Advertensie in koerant	2	7.14
Ander	2	7.14
Die skool se webblad	1	3.57

4.3.12 Respondente se opinie rondom die doel van 'n musieksentrum

Die geleentheid is hier aan respondente gegee om in hul eie woorde die doel van 'n musieksentrum te omskryf. Die reaksies van respondente was grootliks gelyksoortig en kan as volg opgesom word. Om op 'n genotvolle wyse aan studente:

- gehalte musiekonderrig teen 'n billike prys aan te bied;
- 'n liefde en passie vir musiek te kweek; en
- talent te ontwikkel.

4.3.13 Bespreking

Dit blyk dat ouers oorwegend tevrede is met lesfooie, alhoewel daar wel gesinne is wat dit nie maklik kan bekostig nie. In die resultate is dit egter sigbaar dat die meeste leerders musiek eerder as 'n verrykende tydverdryf of stokperdjie sien en nie as 'n ernstige veld van studie nie. In die lig hiervan kan musieksentrums daarby baat vind indien musieklesse meer genotvol en vermaaklik vir leerders kan wees. Ander instrumente en aktiwiteite wat aangebied kan word, kan beslis verder ondersoek word. Dit blyk dat 'n relatiewe groot aantal ouers bereid sal wees om as vrywilligers te help met fondsinsamelingsprojekte.

4.4 Vraelyste deur leerders ingevul

4.4.1 Agtergrond

Vraelyste is deur leerders van verskillende ouderdomme en skole ingevul. Die doel van hierdie vraelyste was om 'n profiel van die leerder as verbruiker te vorm. Onder die responente was 48 seuns (48%) en 51 dogters (52%). Ouderdomme het gewissel van agt tot 18 jaar. Respondente is lukraak gekies, die doel was om leerders te ondersoek en nie spesifiek leerders wat reeds by 'n musieksentrum ingeskryf is nie; dus verbruikers en potensiële verbruikers van dienste gelewer deur musieksentrums. Respondente is wel gevra om aan te dui of hulle tans ingeskryf is by 'n musieksentrum. Die resultaat was dat 37% ingeskryf is, en 62% nie ingeskryf is by 'n musieksentrum nie.

4.4.2 Ouderdomme

Die ouderdomme van respondente het gewissel van agt tot agttien jaar. Daar was 'n baie klein aantal respondente in die ouderdomskategorieë van agt tot tien en elf tot dertien jaar (tabel 22).

Tabel 22: Ouderdomsverspreiding van respondente

Kategorie	Aantal	%
8-10 jaar	4	4
11-13 jaar	9	9
14-16 jaar	68	69
17-18 jaar	18	18

4.4.3 Mediablootstelling

Om vas te stel wat leerders se gewoontes en gedrag is rondom mediagebruik, is respondente gevra om aan te dui watter van die volgende items hulle tot hul beskikking het. Tabel 23 gee 'n aanduiding van respondente se mediablootstelling.

Tabel 23: Items wat leerders tot hul beskikking het

Item	Aantal	%
Selfoon	95	96
Internettoegang	89	90
Televisie (SABC)	81	82
Dstv	79	80
Mp 3-speler	49	50
Ipod	41	41

4.4.3.1 Musiekvoorkeure

Die meerderheid respondente luister na 'n verskeidenheid van musiekgenres. Baie respondente het pop, *rock* en Jazz genoem. Daar is 'n hele paar wat klassieke musiek genoem het. Style wat minder genoem is, is *gospel* en *metal*.

4.4.3.2 Televisieprogramme

Die meerderheid respondente dui 'n verskeidenheid programme aan. *Discovery channel*, *National Geographic* en *Disney channel* word taamlik algemeen genoem. Dogters kyk na leefstylprogramme soos *Masterchef*, terwyl seuns sportprogramme verkies.

4.4.3.3 Tydskrifte

Die meeste respondente dui 'n verskeidenheid tydskrifte aan. *Seventeen*, *Glamour*, *Cosmopolitan*, Huisgenoot en Finesse Meisie word die meeste genoem. *National Geographic*, *PC Format* en *Weg* is van die tydskrifte wat minder genoem is.

4.4.3.4 Boeke

Daar is weereens 'n groot verskeidenheid. Die *Twilight*-reeks is deur heelwat genoem en blyk baie gewild te wees. *Harry Potter* is deur enkeles genoem. Oor die algemeen verkies respondente fiksie met avontuur, novelles en romanse.

4.4.4 Sosiale netwerkdienste

Die doel van die volgende vraag was om vas te stel wat die nasionale en internasionale invloede op leerders is. Vervolgens is respondente gevra om aan te dui van watter sosiale netwerkdienste hulle gebruik maak. Die resultate word in tabel 24 weergegee.

Tabel 24: Sosiale netwerkdienste wat deur leerders gebruik word

Item	Aantal	%
<i>Mxit</i>	81	82
<i>Facebook</i>	77	78
<i>Youtube</i>	53	54
<i>Blackberry chat</i>	37	37
<i>Twitter</i>	18	18
<i>My space</i>	8	8

4.4.5 Buite-kurrikulêre aktiwiteite

Die volgende area van ondersoek was om te bepaal watter buite-kurrikulêre aktiwiteite onder leerders gewild is. Die doel daarvan was om die indirekte kompetisie waarmee musieksentrums moet rekening hou, aan te dui. Buite-kurrikulêre aktiwiteite is in kategorieë geplaas om verwerking te vereenvoudig. Die data kan in tabelle 25 tot en met 29 gesien word. By elke afdeling is respondente gevra om kortliks te motiveer hoekom hulle aan die betrokke aktiwiteite deelneem.

Tabel 25: Skoolsport waaraan leerders deelneem

Sportsoort	Aantal	%
Atletiek	46	46
Rugby	32	32
Hokkie	32	32
Netbal	23	23
Krieket	21	21
Tennis	14	14
Golf	9	9
Skyfskiet	5	5
Ander	27	27

Motivering: Die mees algemene rede is dat dit lekker is en gesonde fisiese oefening is. 'n Aantal het aangedui dat ouers, vriende of onderwysers hulle gemotiveer het.

Tabel 26: Sportsoorte waaraan leerders buite skoolverband deelneem

Sportsoort	Aantal	%
Gym	37	37
Fietsry	14	14
Perdry	10	10
Gholf	9	9
Gimnastiek	2	2
Tweekamp	2	2
Ander	12	12

Motivering: Gesonde fisiese oefening is weer as motivering aangedui asook die feit dat dit lekker is, selfvertroue bou, dit 'n geleentheid is om ander mense te ontmoet en 'n bron van ontspanning is.

Tabel 27: Dansvorme wat leerders beoefen

Dansvorm	Aantal	%
Ballet	12	12
Hip-hop	11	11
Moderne dans	5	5
Bal- en Latyns- Amerikaanse danse	4	4
Klopdanse (<i>tap dance</i>)	1	1
Ander	2	2

Die motivering is hoofsaaklik as genot aangedui.

Tabel 28: Kulturele aktiwiteite wat leerders in skoolverband beoefen

Aktiwiteit	Aantal	%
Musiekproduksie/Revue/ <i>Musical</i> /Kabaret	32	32
Redenaars	15	15
Koor	12	12
Drama/toneel	9	9
Skaak	7	7
Ander (noem asb.)	5	5

Respondente het aangedui dat hulle gemotiveer word om aan bogenoemde aktiwiteite deel te neem omdat dit lekker is, dit is 'n uitdaging, dit is sosiaal en dit bied die geleentheid om

vaardighede aan te leer en om met mense saam te werk. 'n Paar het genoem dat hulle daarvan hou om voor mense op te tree.

Tabel 29: Kulturele aktiwiteite wat leerders buite skoolverband beoefen

Aktiwiteit	Aantal	%
Kunsklasse	8	8
Voortrekkers	7	7
Koor (bv. Noordwes Jeugkoor)	4	4
Orkes (bv. Noordwes Jeugorkes)	3	3
Naaldwerkklasse	3	3
Landsdiens	2	2
<i>Kumon</i> ⁶	2	2
<i>Smart Brain</i> ⁷	1	1
Ander (noem asb.)	4	4

Respondente het aangedui dat hulle bognoemde aktiwiteite geniet, dit is 'n persoonlike passie, kreatief, iets nuuts en 'n geleentheid om nuwe vriende te ontmoet.

4.4.6 Bespreking

Wanneer die tydskrifte, televisieprogramme, musiek en boeke wat onder leerders gewild is, vergelyk word met die dienste wat 'n musieksentrum bied, skiet musieksentrums ver te kort waar die tevredenheid van kliënt die prioriteit is. Die meeste leerders het tegnologiese

⁶ Kumon is 'n opvoedkundige metode wat Wiskunde en Engelse vaardighede gebruik om die potensiaal van die leerder te ontwikkel. Kumon se doel is om die leerder se potensiaal om 'n liefde vir leer los te maak deur die leerder se selfvertroue en selfbeeld te verbeter en selfdisipline en 'n daaglikse studie-gewoonte aan te moedig (Kumon, 2011)


⁷ SmartBrain spesialiseer in die ontwikkeling en implimentering van leerprogramme en –metodes wat ongeletterheid teenwerk en leerprobleme remedieer. Ongeletterheid is 'n algemene probleem onder Suid-Afrikaanse leerders. Nasionale statistieke toon dat 'n onrusbarende hoeveelheid leerders deur die skolesistiem beweeg sonder om basiese lees- skryf- en berekeningsvaardighede te ontwikkel (Smart Brain, s.a.)

toerusting en mediabronne tot hul beskikking wat musieksentrums nie het nie. Dit is moeilik vir musiekonderwysers met min tegnologiese hulpmiddels om te kompeteer met die vermaaklike tegnologiese toepassings wat leerders tot hul beskikking het. Leerders se motivering om aan aktiwiteite deel te neem is hoofsaaklik dat dit genot verskaf en iets is wat hulle met hul vriende kan deel.

4.5 Samevatting

Die inligting wat hier weergee is, gee 'n beter begrip van die huidige situasie by musieksentrums. Daar bestaan 'n ooglopende wanbalans tussen die gerief wat die kliënte (leerders) in hul alledaagse lewe het en dit wat beskikbaar is by musieksentrums vir beide onderwysers en leerders.

Hoofstuk 5: Bevindinge



Figuur 25: Hoofstuk 5 inhoud

5.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie was om musieksentrums as opvoedkundige en winsgewende kleinsakeondernemings in die Noordwes-Provinsie te ondersoek. In die volgende afdeling word musieksentrums volgens sterktes, swakhede, geleenthede en bedreigings geëvalueer aan die hand van inligting verskaf in die voorafgaande hoofstukke (2.3 asook figuur 7).

5.2 Evaluering

5.2.1 Sterkpunte

Ten spyte van die finansiële tekortkominge wat musieksentrums in die gesig staar, is daar wel enkele sterkpunte. Alhoewel die meeste musieksentrums tot 'n groot mate onafhanklik funksioneer, is sentrums steeds verbonde aan skole. Die ideaal sal wees indien 'n mutualisme⁸ gevind kan word, waar die musieksentrum vir die skool 'n aanwinst is en die skool die musieksentrum op sy beurt kan ondersteun. In so 'n situasie kan die betrokke skool

⁸ Mutualisme word gedefinieer as

‘n groot aanwinst wees vir ‘n musieksentrum in bemarkingsveldtogte asook fondsinsamelingprojekte. Die gebruik van ‘n skool se geboue en toerusting is nog ‘n onontbeerlike voordeel wat musieksentrums uit hierdie situasie trek. In sommige gevalle het musieksentrums ook toegang tot ander hulpbronne van die betrokke skool.

Die geografiese ligging van musieksentrums is ook ‘n aanwinst weens die groot hoeveelheid besoekers op die perseel van skole (meer daaroor by 6.2.3). ‘n Sterkte wat sentraal tot die sukses van musieksentrums staan, is die feit dat musiek (ten spyte van groot kompetisie) altyd ‘n baie gewilde medium is en musiekonderrig altyd in aanvraag is. Terselfdertyd is daar dikwels bekwame en gewillige onderwysers beskikbaar.

Daar is ook musieksentrums wat ‘n rykdom van instrumente as bate het. Musieksentrum A is ‘n baie goeie voorbeeld hiervan. In hierdie musieksentrum se stoorkamer is ‘n groot versameling koper- en houtblaasinstrumente, ‘n groot verskeidenheid slaginstrumente insluitend ‘n aantal sopraan-, alt-, tenoor- en basxilofone en -metallofone, ‘n stel pouke asook ‘n aantal kitare. Hierdie instrumente is jare gelede aangekoop toe musieksentrums deur die regering befonds is. Alhoewel van hierdie instrumente nie in ‘n goeie toestand is nie, kan die meeste daarvan herstel word en in gebruik geneem word. Verder ondersteun die Departement van Onderwys musiekonderrig en die koestering daarvan (vergelyk 1.1).

5.2.2 Tekortkominge

Die grootste en mees opvallende tekortkoming van musieksentrums is die finansiële tekort. Uit die literatuur is dit ook duidelik dat musieksentrums as organisasies nie optimaal funksioneer nie. Een oorsaak van hierdie probleem is die tekort aan kennis van bestuur. ‘n Tekort aan kennis en vaardighede in terme van entrepreneurskap en die funksionering van kleinsakeondernemings is ook ‘n probleem. ‘n Verdere leemte is die geykte onderrigpraktyke wat in baie gevalle bestaan en die feit dat hierdie praktyke nie aanklank vind by ‘n moderne samelewing en veral onder die jeug nie.

5.2.3 Geleenthede

Daar vind dikwels groot sportbyeenkomste by skole plaas. Sulke geleenthede kan benut word deur informele optree-geleenthede daarvan te maak vir leerders. Leerders kan so blootstelling kry en terselfdertyd kan dit as bemarking vir die musieksentrum dien. 'n Goeie fondsinsamelingsprojek kan ook wees om versnaperinge by sportgeleenthede te koop aan te bied. Die moontlikheid van ander buite-musikale bronne van inkomste of passiewe inkomste kan verder ondersoek word. 'n Musieksentrum kan byvoorbeeld 'n kafeteria bou naby die sportterrein van die betrokke skool. Ouers en leerders wat bereid is om as vrywilligers te help, kan die kafeteria beman tydens sportbyeenkomste en ander geleenthede. Konserte en musiekkompetisies kan ook 'n bron van inkomste wees.

Instrumente (soos genoem by 6.2.1) kan verhuur word om 'n passiewe inkomste te genereer. Die moontlikheid om ander verwante dienste (nie net musiekonderrig nie) te lewer, kan ook verder ondersoek word. Weens die groot onderrigpraktyk wat by sommige musieksentrums bestaan, is die moontlikheid daar om as indiensopleidingsfasiliteite vir universiteite op te tree. Musieksentrums kan ook geleentheid bied vir navorsing.

5.2.4 Bedreigings

Musieksentrums word tans bedreig deur die drukkende ekonomiese toestande en 'n onvoorspelbare ekonomiese klimaat, kompeterende dienste, swak bestuur, finansiële tekortkominge en onkunde⁹.

5.3 Gevolgtrekking en aanbevelings

Die eerste subvraag in hierdie studie het die verwagtinge wat leerders en ouers rakende musiekonderrig wat by musieksentrums aangebied word, ondersoek. Uit die literatuur en data wat ingesamel is, kan 'n goeie idee gevorm word van wat hedendaagse leerders se verwagting

⁹ Met onkunde word hier verwys na die feit dat musieksentrum personeel nie opgelei is om kleinsakeondernemings te bestuur nie. Onkunde in terme van bemarking, personeelbestuur, finansiële bestuur, kunstebestuur en entrepreneurskap is hier die probleem

en behoeftes is. Leerders wil genot uit die aktiwiteite waaraan hulle deelneem, kry. Leerders geniet dit om aktiwiteite saam met hul maats te doen. Populêre en *rock*-musiek is gewild en sal aftrek kry onder leerders. Ouers het die verwagting van kwaliteitonderrig, maar teen billike pryse; ouers wil vir hul leerders die geleentheid bied om hul talent te ontwikkel.

Die volgende area van ondersoek was die eise wat aan musieksentrumonderwysers gestel word. Musieksentrumonderwysers is natuurlik verantwoordelik vir onderrig en sekere administratiewe take. 'n Onstellende feit is egter dat sommige onderwysers ook verantwoordelik is vir skoonmaak en die onderhoud van die tuin. Een onderwyser het aangedui dat daar selfs per geleentheid van onderwysers verwag is om op eie onkoste koekies te bak om by 'n konsert te verkoop ten bate van die musieksentrum. Hierdie tipe eise is verregaande en doen afbreuk aan die professie. Verder het onderwysers nie die nodige toerusting om optimaal te funksioneer in die werksplek nie. By musieksentrum A is geen telefoon beskikbaar vir onderwysers nie en die verwagting is dat onderwysers op eie onkoste oproepe rakende die musieksentrum maak vanaf hul selfone. Om aan leerders 'n opwindende en genotvolle ervaring te bied, is dit nodig om hedendaagse tegnologiese toerusting te gebruik, veral gesien in die lig daarvan dat bykans al die leerders hul eie selfone besit en toegang tot die Internet het. Om hierdie probleem op te los, moet befondsing verkry word. Geld moet op 'n sinvolle wyse spandeer word en die bestuur van musieksentrums moet op 'n meer professionele wyse plaasvind.

Die volgende subvraag was: Watter aspekte van onderrigleer en bestuur moet in ag geneem word vir die doeltreffende bedryf van musieksentrums? Groepsonderrig behoort geïmplementeer te word, veral in populêre musiek, aangesien die genre homself daartoe leen. Onderwysers moet hulself bekwaam in populêre en *rock*-musiek en jazz. Musiekonderrig moet bemark word as 'n kommoditeit waaraan dit die moeite werd is om geld te bestee.

Aanpassings wat gemaak moet word om musieksentrums te laat oorleef is ook ondersoek. Musieksentrums moet aanpas by 'n veranderende omgewing. Nuwe metodes, toerusting en gebruikte moet ondersoek word. Onderwysers moet op hoogte bly van nuwe navorsing deur

vaktydskrifte te lees en konferensies by te woon. Musiekonderwysers moet ook beseef dat die behoeftes van die kliënt vervul moet word, wat soms sal beteken dat die onderwyser uit sy/haar gemaksones moet beweeg.

Die gevolgtrekking word gemaak dat musieksentrums in die Noordwes-Provinsie effektief en volhoubaar as opvoedkundige en winsgewende kleinsakeondernemings bedryf kan word, mits die bogenoemde veranderinge geïmplementeer word. Dit is van uiterste belang dat musieksentrums as besigheidsorganisasies beskou en ook so bestuur word. Die doelwit moet altyd wees om die behoeftes van die kliënt te bevredig.

Dit word aanbeveel dat die Departement van Onderwys die herinstelling van departementele poste by musieksentrums ondersoek, asook die toekenning van fondse vir toerusting. Die Departement van Onderwys en Kuns en Kultuur kan musiekonderrig verder steun deur sosiale bemarkingsveldtogte wat die belangrikheid van musiekonderrig in 'n samelewing beklemtoon, te behartig of minstens te ondersteun.

Provinsiale owerhede behoort 'n ondersoek te loods na die werklike behoefte in die gemeenskap. Van die 2 434 skole in die Noordwes-Provinsie is daar by slegs tien (10) musieksentrums. Die meerderheid van die inwoners kan nie musiekonderrig bekostig nie. Opheffingsprojekte in landelike gebiede is nodig met die steun van die regering, die gemeenskap en plaaslike universiteite.

Alhoewel die werkgewer die hulpbronne behoort te voorsien, bly dit die onderwyser se verantwoordelikheid om 'n lewenslange leerder te wees en op hoogte te bly van verwickelinge. Onderwysers se tegnologiese vaardighede moet opgeskerp word. In die opleiding van musiekonderwysers moet aandag gegee word aan entrepreneurskap, tegnologiese en bestuursvaardighede. Ouers en leerders kan bydra tot die proses deur as vrywilligers aan fondsinsamelings- en bemarkingsprojekte deel te neem.

Areas wat verder ondersoek kan word, is die suksesvolle bedryf van verskeie musieksentrums in ander areas van Suid-Afrika. 'n Ondersoek kan gedoen word om vas te stel wat hierdie musieksentrums suksesvol maak en hoe die model gedupliseer kan word. Dit blyk dat daar uiters suksesvolle musieksentrums in verskeie dele van die land is. Hierdie musieksentrums sluit onder andere die Hugo Lamprecht Musieksentrum in Parow in wat oor heelwat departementele poste, departementshoofposte en die ekwivalent van 'n skoolhoofpos beskik. Musieksentrums in Bloemfontein en Kimberly is ook baie suksesvol. In Port Elizabeth is 'n musieksentrum wat onder die beskerming van die Universiteit van Port Elizabeth staan (Latsky-Campbell, 2011).

Om die voortbestaan van musieksentrums en musiekopvoeding in Suid-Afrika te bevorder en te verseker, moet musiekonderwysers nie net onderrig in musiek bemark nie, maar musiek self. Musiek word dikwels deur musiekonderwysers beskou as hoofsaaklik 'n kunsvorm, met die klem op die estetiese waarde van musiek. Die waarde wat musiek in ander areas van die lewe kan toevoeg tot die samelewing, word dikwels afgeskeep. Om musiek te kan bevorder, moet musiekonderwysers deeglik bewus wees hiervan en musiek en musiekopvoeding as kommoditeite bemark en bevorder. Die markbehoefte is vir meer as net musiekonderrig. Daar is baie ander behoeftes wat musiek ook kan vervul. Die ander behoeftes wat deur musiek vervul kan word, behoort verder ondersoek te word. Die teikenmark van musieksentrums was oorspronklik enige skoliere wat 'n aanleg vir musiek het en 'n keuringstoets geslaag het (Struck, 1990:2). Weens die verandering in omstandighede sal dit sinvol wees indien die teikenmark nou verander word om enige persone (nie net skoliere nie) in te sluit in middel- tot hoër inkomstegroepe wat kan baat vind by enige dienste wat musiekonderwysers of -fasiliteerders kan verskaf. Indien hierdie aanbevelings realiseer, kan die toekoms en sukses van musiekonderrig in Suid-Afrika floreer.

6 Bronnelys

ANONIEM. 2004. Berklee College offers online music lessons. *American music teacher*, 53(4):12, 14, Feb./Mar. Available: Proquest Direct Complete. Date of access: 23 October 2011.

BASSEY, M. 2005. Case study research. (In COLEMAN, M. & BRIGGS, A.R.J. eds. 2005. *Research methods in educational leadership and management*. London: SAGE publications. p. 108-121.)

BATES, B., BOTHA, M., BOTHA, S., GOODMAN, S., LADZANI, W., DE VRIES, C. & DE VRIES, L. 2005. *Business management: fresh perspectives*. Cape Town: Pearson. 409 p.

BRAND, E. 2006. Research results: entrepreneurial skills. (In Schoeman, S. & Potgieter, H. 2006. *Musical arts education: research and practice*. Potchefstroom: North-West University. p. 2-57-2-68.)

BROOKBY, B.E. Venturing outward: a graduate student advocates for the study of arts entrepreneurship. (In Beckman, G.D., ed. *Disciplining the arts: teaching entrepreneurship in context*. Maryland: Rowman & Littlefield education. p. 61-66.)

BUSH, T. Authenticity – reliability, validity and triangulation. (In COLEMAN, M. & BRIGGS, A.R.J. eds. 2005. *Research methods in educational leadership and management*. London: SAGE publications. p. 59-72.)

BütOW, H. 2009. Sold out, no more tickets: a guide to arts management in South Africa. Potchefstroom: Maxi Kunst. 347 p.

CINNÉDE, B.Ó. & HENRY, C. 2007. Entrepreneurship features of creative industries: the Irish music and dance sector. (In Henry, C., ed. Entrepreneurship in the creative industries: an international perspective. Cheltenham: Edward Elgar. p. 72-86.)

CRESWELL, J. W. 2009. Research design. 3rd ed. London: SAGE. 260 p.

CRISWELL, C. 2009. The innovative path to a “really big show”. *Teaching music*, 17(1): 20-22, Aug. Available: Academic Search Premier. Date of access: 23 October 2011.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2009. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 471 p.

ECKELS, S. 2009. Teaching classroom guitar. New York: Rowman & Littlefield education. 243 p.

EYBERS, J. 2003. Skielike besluit om 57 musieksentrums te sluit: talle onderwysers sit steeds sonder heenkome. *Rapport*: 1, 26 Jan.

FLEISCHMANN, F. 2006. Entrepreneurship and emancipation: the history of an idea. http://www.entrepreneurship.de/wp-content/uploads/2011/01/Entrepreneurship_as_Emanzipation.pdf Date of access: 26 October 2011.

GLOVER, J. & SCAIFE, N. 2004. Improvising and composing for groups. (*In* MARKS, A. Ed. 2004. All together!: teaching music in groups. London: ABRSM Publishing. p. 79-95.)

GUSTAFSON, J. 2011. Teaching entrepreneurship by conservatory methods. (*In* Beckman, G.D., ed. Disciplining the arts: teaching entrepreneurship in context. Maryland: Rowman & Littlefield education. p. 69-81.)

HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2005. Eksoteries. [CD].

HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2005. Esoteries. [CD].

HALEY, R. 2007. Sizing up the guitar classroom. *The Canadian music educator*, 49(2):50, Winter 2007. Available: Proquest Direct Complete. Date of access: 23 October 2011.

HALLAM, S. 1998. Instrumental teaching: a practical guide to better teaching and learning. Oxford: Heinemann. 350 p.

HENNING, E., VAN RENSBURG, W., & SMIT, B. 2005. Finding your way in qualitative research. 3rd impression. Pretoria: Van Schaik. 179 p.

HOPKINS, K.B. & FRIEDMAN, C.S. 1997. Successful fundraising for arts and cultural organizations. 2nd ed. Phoenix, Ariz.: Oryx Press. 259 p.

HOYER, W.D. & MACINNIS, D.J. 2008. Consumer behavior. 5th ed. New York: Houghton Mifflin. 493 p.

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL (HSRC). 1996. School Registry, HSRC, Pretoria.

JENNER-TIMMS, C. 2004. Practice. (In MARKS, A. ed. All together!: teaching music in groups. London: ABRSM Publishing. p. 103-109.)

JOHNSTON, D. 2003. Music education: keep your creativity alive – find what works best for you. *Canadian Musician*, 25(1):49-57, Jan./ Feb. 2003. Available: Academic Search Premier. Date of access: 23 October 2011.

JORGENSEN, E.R. 2003. Transforming music education. Bloomington: Indiana University press. 187 p.

KEEGAN, P.B. 1990. Fundraising for non-profits. New York: Harper Perennial. 215 p.

KIRSTEN, M. 2011. Mededeling aan die outeur. Potchefstroom. (Oorspronklike kopie in besit van die outeur.)

KOLB, B.M. 2005. Marketing for cultural organisations. 2nd ed. London: Thomson Learning. 233 p.

KOS (Jr.), R.P. 2010. Developing capacity for change: a policy analysis for the music education profession. *Arts education policy review*, 111(3):97-104, 2010. Available: Academic Search Premier. Date of access: 23 October 2011.

KUMON. 2011. What is Kumon? <http://www.kumon.co.za/> Date of access: 16 September 2011.

KUMRA, R. 2007. Consumer behavior. Global media/Himalaya Publishing House: Mumbai. 379 p.

LATSKY-CAMPBELL, B. 2011. Mededeling aan die outeur. Potchefstroom. (Oorspronklike kopie in besit van die outeur.)

LEY, B. 2004a. The dynamics of group teaching. (*In* MARKS, A. *Ed.* 2004. *All together!:* teaching music in groups. London: ABRSM Publishing. p. 4-11.)

LEY, B. 2004b. Developing ensemble skills. (*In* MARKS, A. *Ed.* 2004. *All together!:* teaching music in groups. London: ABRSM Publishing. p. 46-57.)

LEY, B. 2004c. Encouraging progress. (*In* MARKS, A. *Ed.* 2004. *All together!:* teaching music in groups. London: ABRSM Publishing. p. 58-67.)

LEY, B. 2004d. Using music technology. (*In* MARKS, A. *Ed.* 2004. *All together!:* teaching music in groups. London: ABRSM Publishing. p. 68-78.)

LUVENTICUS ACADEMY OF SCIENCES. 2011. Map of South Africa: provinces and capitals. <http://www.luventicus.org/maps/southafricaprovinces.html> Date of access: 24 Oct. 2011.

MACKWORTH-YOUNG, L. 2004. The psychology of group teaching and learning. (*In* MARKS, A. *ed.* All together!: teaching music in groups. London: ABRSM Publishing. p. 96-102.)

MADURA, J. 2007. Introduction to business. 4th edition. Mason, OH: Thomson Learning. 745 p.

MARIOTTI, S. 2007. Entrepreneurship: starting and operating a small business. New Jersey: Pearson Prentice Hall. 471 p.

MCGUCKEN, E. 2011. Introduction. (*In* Beckman, G.D. *ed.* Disciplining the arts. Maryland: Rowman & Littlefield. p. xi-xiv.)

MILLER, R. 1959. Teach the ensemble. *Music Journal*. 17(1):83, Jan. Available Proquest Direct Complete. Date of access: 23 October 2011.

NO AGENT. 2010. Sold Property in North West Province, South Africa. http://www.noagent.co.za/sold_northwest.php Date of access: 24 Oct. 2011.

OWENS, D.T. 2011. Making connections: music education and arts entrepreneurship. (*In Beckman, G.D., ed. Disciplining the arts: teaching entrepreneurship in context. Maryland: Rowman & Littlefield education. p. 83-93.*)

PAISEY, A. 1992. Organization and management in schools: perspectives for practising teachers and governors. 2nd ed. London: Longman. 179 p.

POTCHEFSTROOM GIMNASIUM MUSIEKSENTRUM. 1993. Notules. Ongepubliseerd.

REISS, A.H. 1974. The arts management handbook. New York: Law-Arts Publishers. 802 p.

SARITI, D. 2007. Ensemble skills: do we really teach them? *American music teacher*, 56(6):16, Jun/Jul. Available: Academic Search Premier. Date of access: 23 October 2011.

SAYRE, S. 2008. Entertainment marketing and communication: selling branded performance, people, and places. New Jersey: Pearson Prentice Hall. 489 p.

SCOTT, S. 2006. A constructivist view of music education: perspectives for deep learning. *General music today (online)*, 19(2):17-21, Winter. Available: Proquest Direct Complete. Date of access: 23 October 2011.

SMART BRAIN. s.a. What we do. <http://www.smartbrainsa.co.za/products-services/> Date of access: 16 September 2011.

SMIT, P.J., CRONJÉ, G.J. De J., BREVIS, T. & VRBA, M.J. 2007. Management principles: a contemporary edition for Africa. 4th ed. Cape Town: Juta. 468 p.

SOUTH AFRICA. 1996. National small enterprise act 102 of 1996. Available: http://www.westerncape.gov.za/Text/2009/9/national_small_enterprise_act_102_of_1991.pdf
Date of access: 10 Nov. 2011

SOUTH AFRICA. 2002. National curriculum statement grades R-9. Pretoria: Department of Education. 118 p.

SOUTH AFRICA. 2004. National small business amendment act 29 of 2004. Available: http://www.westerncape.gov.za/Text/2009/9/national_small_enterprise_act_102_of_1991.pdf
Date of access: 10 Nov. 2011

SOUTH AFRICA. 2005. National curriculum statement grades 10-12. Pretoria: Department of Education. 66 p.

SARS (SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE). s.a. More about small businesses. <http://www.sars.gov.za/home.asp?pid=46185> Date of access: 10 Nov. 2011

STATISTICS SOUTH AFRICA. 2005. Census 2001: Primary tables North West Census '96 and 2001 compared. <http://www.statssa.gov.za/census01/html/NWPrimary.pdf> Date of access: 18 September 2011.

STRUCK, I.K. 1990. Buite-kurrikulêre musieksentrums – die effektiewe bestuur en administrasie daarvan. Pretoria: UP. (Skripsie – BMus Honneurs) 131 p.

THOMPSON, J.D. 2007. American idol and the music classroom: a means of critiquing music. *Music educators journal*, 94(1): 36-40, Sep. Available: Academic Search Premier. Date of access: 23 October 2011.

TRANSVAAL. 1961-1971. Johannesburg: Voortrekkerpers. 200 p.

VAGI, R. 2010. From Haydn to Hip-Hop. *Teaching music*, 17(4):28, Jan. Available: Academic Search Premier. Date of access: 10 October 2011.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. & DE BRUYN, P.P. (eds.), 2007. Schools as organisations. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 415 p.

VAN RENSBURG, E.J. 1979. Oriënteringskursus vir buite-kurrikulêre musieksentrums: die algemene organisasie van 'n musieksentrum. 4-15 p. Ongepubliseerde handleiding saamgestel deur die TOD.

WETTE *kyk* SUID-AFRIKA.

7 Addendum

7.1 Etiekvorm



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Kontakbesonderhede van studieleier:

Prof HM Potgieter

Tel: 018 299 1700

Sel: 082 877 1866

Privaatsak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: (018) 299-1111/2222

Web: <http://www.nwu.ac.za>

Skool van Musiek

018 299 1680

018 299 1707 (Faks)

Datum:

Navorsers: Me E Loubser

Studentenommer: 12853372

Selnummer: 072 553 4162

Titel van studie: Die volhoubaarheid van musieksentrums as opvoedkundige en winsgewende kleinsakeondernemings in die Noordwes Provinsie

Ek,, gee hiermee my toestemming dat my reaksies in die onderhoud gebruik mag word vir die doel van navorsing in musiekopvoeding. Ek is ten volle bewus van die aard van die navorsing en ek beken dat ek my op enige tydstip mag onttrek en dat my deelname aan hierdie navorsing vrywillig is. Alle pogings sal gemaak word om privaatheid, anonimiteit en konfidensialiteit te beskerm. Ek verstaan dat hierdie navorsing gedoen word om die voortbestaan van musieksentrums in Suid-Afrika te help bemiddel.

.....Naam van deelnemer

.....MMus student: Estelle Loubser

7.2 Toestemming om navorsing te doen by musieksentrum A



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatsak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: (018) 299-1111/2222

Web: <http://www.nwu.ac.za>

Tel: 018 299 1700

Geagte Mev. Latsky-Campbell,

TOESTEMMING OM NAVORSING TE DOEN

Hiermee vra ek graag u toestemming om die leerders van die voorbereidende en Trap 2 musiekteorie groepsklasse van die Potchefstroom Gimnasium Musieksentrum te gebruik vir my M.Mus studies. Ek beplan weekliks lesse en gaan met behulp van aksienavorsing die lesse aanpas. Die leerders se reaksie is vir my belangrik ten einde die lesse te kan struktureer. Die name van die betrokke leerders sal anoniem in my werkstuk gebruik word. Die inligting sal slegs vir studiedoeleindes aangewend word.

My studieleier is prof H.M. Potgieter en ek rapporteer my voorbereiding en bevindinge aan haar.

Die uwe

Mej E Loubser

7.3 Onderhoude

Onderhoud 1

Me. Belinda Latsky-Campbell, voormalige sentrumhoof by musieksentrum A

November 2011

Ja, daardie laaste drie poste was volle departementele poste. Ek het 'n spesmaas [die sentrumhoof] s'n was dalk departementshoof. Sy het einde Julie 2008 afgetree. En [die vioolonderwyser] 'n maand later. Die derde persoon was H.J. Sy is af weens gesondheidsredes. Toe ek daar aangekom het, was sy reeds weg, maar die departement het verkeerdelik nog steeds haar salaris betaal. Tans het slegs M.K. 'n volpos. G.F. het 'n halfpos, maar dit beteken geen byvoordele vir hom. My pos toe ek by M.W. oorgevat het, was 'n beheerliggaampos, nie departementeel nie. Geen byvoordele en 'n klein salaris vergeleke met die departementele poste. [Die huidige sentrumhoof] het ook 'n beheerliggaampos met 'n vergelykbare salaris as wat myne was.

Die fooie het tussen laasjaar en hierdie jaar met amper 40% opgegaan. Dis waarteen ek so baklei het. Die fooie in 2009 was bv. R395 per kwartaal vir 'n halfuur individuele les. Dit was omtrent 5% hoër as in 2008. Ek het dit met 10% laat styg na 2010. Dit is nou in 2011 egter op na R600 per kwartaal vir 'n halfuurles.

Dis bietjie moeilik om van musieksentrums oor die algemeen te praat as jy nie wel met hulle kontak gemaak het nie. Het jy bv. met Hugo Lamprecht musieksentrum in die Weskaap gepraat? Hulle gaan van krag tot krag. Hulle beskik oor heelwat departementele poste, departementshoofposte en die ekwivalent van 'n skoolhoofpos. Die musieksentrum in Bloemfontein staan ook op sy eie voete sover ek weet (ek dink met departementele hulp). Kimberley het ook 'n sterk musieksentrum wat relatief onafhanklik funksioneer (daar is definitief eksterne fondse of borgskappe by betrokke. Daar was ook 'n musieksentrum in Port

Elizabeth wat onder die beskerming van die Universiteit in Port Elizabeth gefunksioneer het. Port Elizabeth het heelwat skole wat hul "musiekdepartemente" vir bemarking gebruik, met heelwat departementele poste. Dis hoekom elke tweede skool in PE 'n *band* het. Ek praat van *bands* met 60 lede plus. *Grey High school* (in Port Elizabeth) het 'n junior, en senior blaasorkes en 'n simfonie-orkes, en ek dink 'n *jazz band* ook. Hulle het spesialis-onderwysers na wie hulle finansiële goed kyk ... Daar is dan ook die magneetskooling ... waar die departement 'n musieksentrum gekoppel aan 'n skool, ondersteun. Vereeniging het so 'n musieksentrum met 'n klomp departementele poste.

Onderhoud 2

Me. M. Kirsten, onderwyser by musieksentrum A

November 2011

Hierdie jaar se lesfooie het met 40% gestyg. Dan kan jy self probeer uitwerk wat dit in 2007 en 2008 was, want dit het elke jaar met omtrent 10% gestyg. B behoort jou eintlik die beste te kan help daarmee.

'n Paar antwoorde op jou vrae. H.J. se departementele pos het nou eers verval (einde Aug.). Sy is nou eers as medies ongeskik verklaar, het nog die hele tyd sedert sy af gegaan het (2005) volle salaris ontvang. Die pos is nou getermineer. Die aantal volposte in 2001 was 5: ek, H, M, L en G en BvdW (wat elk 'n halfpos gehad het).

Die aantal leerlinge per jaar het meestal gewissel tussen 250 tot 300 of 320 aan die begin van elke jaar en dan later deur die jaar minder geword soos nou ook maar die geval. Ek weet ons het een jaar se begin 320 leerlinge gehad maar kan nie onthou watter jaar dit was nie. Die

spesifieke getalle sal seker by A in die klas wees as sy intussen ontslae geraak het daarvan nie.

As ek reg onthou was al die onderwysers voor 1994 deur die onderwysdepartement betaal en nie almal was volposte nie. Ek het byvoorbeeld net 'n derde pos gehad vanaf 1986 tot 1997. Ek dink daar was sewe volposte op 'n stadium in daardie tyd, maar ek praat onder korreksie.

7.4 Vraelys 1 vir musikonderwysers

Dui asseblief u antwoord aan deur 'n X in die ooreenstemmende blokkie te maak.

Dui asseblief u ouderdom aan.

18-25		1
26-30		2
31-35		3
36-40		4
41-45		5
46-50		6
51-55		7
Bo 55		8

Geslag

Manlik		1
Vroulik		2

Ek is verantwoordelik vir (*merk **alle** toepaslike blokkies*):

Onderrig van instrument(e)		1
Onderrig van teorie		2
Onderrig van gehoor/geskiedenis/ander		3
Administratiewe verantwoordelikhede (buiten gewone onderwyser administrasie)		4
Tesourier		5
Sekretaresse		6
Skoonmaak		7
Instandhouding		8
Publieke verhoudinge		9
Tuinbou		10

Hoeveel leerders het u wat individuele onderrig ontvang?

1-5		1
6-10		2
11-15		3
16-20		4
21-25		5
26-30		6
31-35		7
36-40		8
Meer as 40		9

Hoeveel kontakure in totaal het u per week met leerdere (individueel en groepsverband)?

1-5		1
6-10		2
11-15		3
16-20		4
21-25		5
26-30		6

Watter tersiêre kwalifikasies het u? (*Merk asseblief slegs u hoogste kwalifikasie en NGOS/HOD/UOD indien van toepassing*)

B.Mus		1
B.A. Mus		2
M.Mus		3
M.A. Mus		4
D.Mus		5
Ph.D (<i>in musiek</i>)		6
NGOS/HOD/UOD		7
Ander		8
Geen van die bogenoemde nie		9

In watter dorp woon u?

Is u deelyds of voltyds aangestel?

Deelyds		1
Voltyds in diens van musieksentrum/skool		2
Deelyds in diens van Onderwysdepartement		3
Voltyds in diens van Onderwysdepartement		4

Indien u antwoord by 8 deelyds was, hoe word u vergoed?

Per kontakure		1
Per uur (vir alle ure, administrasie en voorbereiding bv. ingesluit)		2
Per leerder		3
Ander, spesifiseer asb.		4

Wat is u maandelikse netto inkomste (na aftrekkings) by die musieksentrum?

R1 – R1 599		1
R1 600 – R5 699		2
R5 700 – R15 099		3
R15 100 +		4

Is u die broodwinner?

Ja		1
Nee		2

Het u enige ander noemenswaardige bronne van inkomste?

Ja		1
Nee		2

Is u op soek na ander werk?

Ja		1
Nee		2

Indien u 'ja' geantwoord het by 13, wat is die primêre rede?

Salaris onbevredigend		1
Werkomstandighede onbevredigend		2
Wil/moet verhuis		3
Ander		4

Is u werk by die musieksentrum tydelik/net totdat u klaar studeer/ander werk kry?

Ja		1
Nee		2

Watter van die volgende hulpmiddels het u tot u beskikking waar u onderrig gee (merk alle toepaslike blokkies)?

Fotostaatmasjien		1
Rekenaar		2
Drukker		3
Telefoon		4
Faksmasjien		5
Skandeerder		6
Cd-speler		7
Lamineerder		8
Digitale klankopname-apparaat		9

Dui asseblief aan of u saamstem met die volgende stellings.

Tot 'n groot mate (4)

Tot 'n redelike mate (3)

Tot 'n geringe mate (2)

Glad nie (1)

	1	2	3	4
Ek word vergoed vir al die ure wat ek werk				
My posbeskrywing is duidelik afgebaken en my werk val daarbinne				
Die skool gee die nodige ondersteuning aan die musieksentrum				
Musieksentrums het geen groot bedreigings nie en ek is verseker van werk in die toekoms				

7.5 Vraelys 2 vir musiekonderwysers

Dui asb. die organisasie(s) waaraan u behoort met 'n x aan

	South African Society for research in music (SASRIM)
	Suid-Afrikaanse vereniging vir musiekonderwysers (SAVMO)
	Orff Schulwerk Society of South Africa
	International society for music education (ISME)
	Suid-Afrikaanse marsorkesvereniging
	Suid-Afrikaanse Musiekregte organisasie (SAMRO)
	Suid-Afrikaanse kerkorrelistevereniging (SAKOV)
	Ander (noem asb.)
	Geen van bg.

Watter van die volgende tydskrifte lees u, indien enige?

	Flute Talk
	Talking drum
	Clavier companion
	Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser
	Music teacher
	Het Orgel
	The Strad
	Music educators journal
	Journal of singing pedagogy
	Ander vaktydskrifte, noem asb.

Hoe dikwels woon u konferensies oor musiekopvoedkunde/-navorsing by?

	Nooit
	Een keer in vyf jaar
	Een keer in twee jaar
	Jaarliks
	2 of meer per jaar

Besoek u enige webblaie of internetforums m.b.t. musiekopvoedkunde?

Het u al ooit 'n kursus in enige van die volgende areas bygewoon?

	Jazz
	Rock
	Populêre musiek
	Tradisionele musiek

Het u in die laaste twee jaar enige ander kursusse in musiekonderrig/opvoedkunde ens. bygewoon? Indien wel, noem asb.

7.6 Vraelys vir ouers

Dui asseblief u antwoord aan deur 'n X in die ooreenstemmende blokkie te maak.

In watter dorp woon u?

Dui asseblief u rassegroep aan

Blank		1	Asiër		3
Swart		2	Kleurling		4
			Ander		5

Is u of u leerder(ers) tans ingeskryf by 'n musieksentrum?

Ja		1
Nee		2

Hoe vind u die tariewe?

Laag		1
Billik		2
Hoog, maar steeds bekostigbaar		3
Uiters hoog		4

Indien tariewe met meer as 10% sou verhoog, sou u voortgaan met lesse?

Ja		1
Nee		2

Wat is u huishouding se maandelikse netto inkomste (na aftrekkings)?

< R10 000		1
R11 000 – R15 000		2
R16 000 – R20 000		3
R21 000 – R30 000		4
R 31 000+		5

Watter tarief betaal u vir u leerder(ers) se musieklesse?

R	Lesduur	Tydperk	Groep/individueel	Prakties/teorie
<i>Bv. R 500</i>	<i>45 minute</i>	<i>Per kwartaal</i>	<i>Individueel</i>	<i>Prakties</i>

In watter van die volgende musiekinstrumente sou u moontlik wou hê dat u leerders onderrig ontvang, indien dit aangebied word? Merk alle toepaslike blokkies.

Klavier		1
Klawerbord (“Keyboard”)		2
Pyporrel		3
Dwarsfluit		4
Klarinet		5
Saksofoon		6
Hobo		7
Fagot		8
Trompet		9
Tromboon (skuiftrompet)		10

Tuba		11
Franse horing		12
Cor anglaise		13
Viool		14
Altviool		15
Tjello		16
Kontrabas		17
Timpani (pouke/keteltrom) en slagwerk (perkussie)		18
Harp		19
Klassieke kitaar		20
Akoestiese kitaar		21
Elektriese kitaar		22
Baskitaar		23
Tromme		24
Blokfluit		25
Marimba		26
Djembes (Afrikatromme)		27
Treklavier		28
Banjo		29
Konsertina		30
Ander, noem asseblief.		31

In watter van die volgende musiekstyle sou u/u leerders in belangstel, indien onderrig daarin aangebied word? Merk alle toepaslike blokkies.

Jazzmusiek		1
Rockmusiek		2
Popmusiek		3
Boeremusiek		4
Afrikamusiek		5
Flamenco- (Spaanse) musiek		6
Indiese musiek		7

In watter van die volgende aktiwiteite sou u en/of u leerders aan wou deelneem?

Koorsang		1
Ensemblespel (Twee of meer persone wat saam musiek maak)		2
Liedjieskryfkursus		3
Aanbiedings vir ouers oor hoe om u leerder te help oefen		4
Filmvertonings bv. biografieë van komponiste		5
Sosiale byeenkomste met musiek-/dansgeleenthede		6
Vakansie-aktiwiteite vir leerders		7
Konserte waaraan leerders deelneem		8
Konserte wat deur onderwysers aangebied word		9

Sou u bereid wees om as vrywilliger te help met fondsinsamelingsprojekte ten bate van die musieksentrum?

Ja		1
Nee		2

Waarom neem u/u leerder(ers) musieklesse? Plaas die opsies in rangorde van belangrik (1) na minder belangrik (6).

Wil moontlik na skool musiek studeer		1
As 'n stokperdjie		2
Vir 'n skoolvak		3
Om talent te ontwikkel		4
Vir verryking		5
Passie vir musiek		6

Wat is volgens u die doel van 'n musieksentrum?

Hoe het u van die musieksentrum te wete gekom?

Advertensie in koerant		1
Die skool se webblad		2
My leerder was/is in Gimnasium		3
Het die skool telefonies gekontak		4

Het die skool per e-pos gekontak		5
Is self werksaam by die skool/musieksentrum		6
Het by vriende/kennisse daarvan gehoor		7
Ander		8

7.7 Vraelys vir leerders

AFDELING A

Geslag

Seun		Dogter	
------	--	--------	--

Ouderdom

5-7 jaar	
8-10 jaar	
11-13 jaar	
14-16 jaar	
17-18 jaar	

Neem jy musiek by 'n musieksentrum?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

Watter van die volgende items het jy tot jou beskikking?

Ipod	
Selfoon	
Internettoegang	
Televisie (SABC)	
Dstv	
Mp3-speler	

Watter van die volgende gebruik jy?

<i>Facebook</i>	
<i>Mxit</i>	
<i>Blackberry chat</i>	
<i>My space</i>	
<i>Twitter</i>	
<i>Youtube</i>	

Na watter musiek luister jy?

Na watter televisieprogramme kyk jy?

Watter tydskrifte lees jy?

Watter boeke lees jy?

AFDELING B

Dui met 'n X aan watter van die volgende sportsoorte/aktiwiteite jy beoefen:

SKOOLSPORT

Rugby	
Hokkie	
Netbal	
Krieket	
Atletiek	
Skyfskiet	
Tennis	
Golf	
Ander (noem asb.)	

Wat was jou motivering om met dié sportsoort/aktiwiteit te begin?

ANDER SPORTSOORTE

Gimnastiek	
Onderwaterhokkie	
Tweekamp	
Driekamp	
Fietsry	
Perdry	
Gym	
Golf	
Ander (noem asb.)	

Wat was jou motivering om met dié sportsoort/aktiwiteit te begin?

DANSKLASSE

Moderne dans	
Hip-hop	
Ballet	
Klopdanse (<i>tap dance</i>)	
Spaanse danse	
Bal- en Latyns Amerikaanse danse (<i>Ballroom & Latin American</i>)	
Ander (noem asb.)	

Wat was jou motivering om met dié sportsoort/aktiwiteit te begin?

ANDER SKOOLAKTIWITEITE

Skaak	
Redenaars	
Drama/toneel	
Musiekproduksie/Revue/ <i>Musical</i> /Kabaret	
Koor	
Ander (noem asb.)	

Wat was jou motivering om met dié sportsoort/aktiwiteit te begin?

ANDER BUIITE-KURRIKULêRE AKTIWITEITE

Koor (bv. Noordwes Jeugkoor)	
Orkes (bv. Noordwes Jeugorkes)	
Voortrekkers	
Landsdiens	
Kumon	
“Smart Brain”	
Naaldwerkklasse	
Kunsklasse	
Ander (noem asb.)	

Wat was jou motivering om met dié sportsoort/aktiwiteit te begin?
